# BELANGRIKE INLIGTING OM HIERDIE OORSPRONKLIKE ANTIEKE HEBREEUSE BYBEL-NAME TE VERSTAAN

**Hierdie inligting is nagevors, verwerk en saamgestel deur:Professor Hannes Redelinghuys: (B.Div.).(M.Div.).(Ph.D.).(Eskat.).(Calvary Universiteit.).(Kanada).**

**………………………………………………………………………………………………….……………………………….**

**……………………………………………………………………………………**

**………………………………………**

# WIE WAS DOKTOR JOSEPH BRYANT ROTHERHAM (Ph.D.).

**Doktor Joseph Bryant Rotherham (Ph.D.)., is in 1828 in ‘n klein dorpie naby Norwich in Engeland gebore. Hy was reeds van sy tienerjare af bewus van sy roeping om ‘n predikant te word. Hy het ‘n bekende Bybelkundige geword en was ook ‘n rondreisende Evangelis wie in Metodiste-kerke gepreek het.**

**Hy het egter in 1853 besluit om by die Baptiste-geloof aan te sluit, en later, vanweë die feit dat hy meer klem op onderdompeling as die Baptiste-predikante geplaas het by: *“The Disciples”* aangesluit. Gedurende hierdie vroeë jare, het hy dit ‘n saak van erns gemaak om meer van Grieks en Hebreeus te wete te kom.**

**Sy, *"The Restoration of Original Sacred Name Bible, the Rotherham Version,"* is vir dié eerste keer in 1860 gepubliseer. Hierin het hy deur middel van die gebruik van erkende vertaalmetodes dié óorspronklike betekenis van *"Die Antieke Oorspronklike Hebreeuse Teks"* na vore gebring. (Maar hierdie Bybel het nooit werklik die aandag ontvang wat die *1902Rotherham Emphasized Bible*, 'n nuwe vertaling met onnodige ánder invloede en vertalings, geniet het nie.**

**Rotherham het in 1868 as Redakteur by 'n uitgewersmaatskappy, James Stangster & Co., aangesluit en as voltydse predikant bedank. (Hy het egter nog vir die res van sy lewe van tyd tot tyd gepreek.) Vanaf 1874 het hy vir 31 jaar as taalredigeerder gewerk – hoofsaaklik van religieuse literatuur. Hy het ook artikels in tydskrifte soos "*Christian Commonwealth* en *Public Opinion* gepubliseer," en het ook voltyds op die vertaling van "*The Restoration of Original Sacred Name Bible*, *the Rotherham Version,"* gefokus.**

**In 1872 is sy "*New Testament Critically Emphasised"* gepubliseer, gevolg deur die Ou Testament in 1902. Vanaf 1885 tot 1887 was hy die redakteur van "*The Rainbow*," 'n Christelike tydskrif wat maandeliks gepubliseer is. Gedurende hierdie tydperk is groot vooruitgang gemaak in tekstuele kritiek van die Nuwe Testament. Dr. Rotherham was in daardie stadium bekend as een van die vernaamste kenners van die Antieke Hebreeuse taal, en was bevriend met 'n hele aantal prominente Christelike leiersin daaardie jare.**

**Sommige van die wêreld se bekendste Bybeltekskritici en verdedigers van die Skrif van die 19de eeu, soos Dr. George Campbell Morgan (1863 tot 1945), Dr. Charles Hadden Spurgeon (1834 tot 1892), Dr. Dean John William Burgon (1813**

**tot 1892) en Dr Joseph Thomas (M.D.) (LL.D.) kon géén Tekstuele kritiek t.o.v. *"The Restoration of Original Sacred Name Bible, the Rotherham Version,"* lewer nie. Dr. Joseph Thomas (M.D.) (LL.D.);**
**het selfs goedkeuring verleen dat sy naam in: *"The Restoration of Original Sacred Name Bible, the Rotherham Version,"* gepubliseer mag word, soos gesien op bladsy 5; van dié genoemde Bybel.**

**Dr. Rotherham het goeie gesondheid geniet, en sy laaste preek op 19 Desember 1909 gelewer. Hy is in Januarie 1910 op die ouderdom van 81 oorlede.**
**Hy is in die Hither Green begraafplaas ter ruste gelê, voorafgegaan deur 'n aanddiens, insluitend 'n rede gelewer deur die Ou Testamentiese kundige J.W. Thistle.**

**LET WEL: Dit is baie belangrik om te onderskei tussen: "*The Restoration of Original the Sacred Name Bible, the Rotherham Version,"* van 1860 en: "*The Rotherham Emphasized Bible,"* wat in 1902 verskyn het. Dit is hoegenaamd nié dieselfde Bybels nie! Verskillende vertalers het aan laasgenoemde weergawe gewerk, en verskeie skriftuurlike veranderinge was aangebring. byvoorbeeld, die Naam van die Allerhoogste is van YAHVAH na Yahweh verander. Dr. Joseph Bryant Rotherham sou dít NOOIT toegelaat het nie!**

**Hierdie inligting is nagevors, verwerk en saamgestel deur:**

**Professor Hannes Redelinghuys: (B.Div.).(M.Div.).(Ph.D.).(Eskat.).(Calvary Universiteit.).(Kanada).**

**………………………………………………………………………………………………………………………………..**

……………………………………………………………………………………………………

…………………………………………………

………………….

# DIE VADER SKRYF DIE TIEN GEBOOIE MET SY EIE VINGER

**A). Ekodus 31 vers 18:** ***"En Hy (YAHVAH óns Elohim) het aan Moses, toe Hy geëindig het om met hom (Moses) te spreek op díe berg Sinai, die twee tafels van dié Getuienis gegee; TAFELS VAN KLIP, BESKRYWE MET DIE VINGER VAN YAHVAH SELF."***

**B). Deuteronómium 4 vers 13:** ***"Toe het Hy (YAHVAH hul Elohim)aan julle (dié Volk Israel) Sy Verbond verkondig wat Hy (YAHVAH hul Elohim) julle beveel het om te doen, DIE TIEN WOORDE, EN DIT OP TWEE KLIPTAFELS GESKRYWE."***

**C). Deuteronómium 5 vers 22:** ***"Met hierdie woorde het YAHVAH jul Elohim julle (Israel se) hele vergadering op die berg, uit die vuur, die wolk en die wolkedonkerheid met'n groot stem toegespreek, EN NIKS MEER NIE; en Hy (YAHVAH hul Elohim); HET DIT OP TWEE KLIPTAFELS GESKRYWE EN DIT AAN MY (MOSES) GEGEE."***

**D). Deuteronómium 9 vers 10:** ***"En (YAHVAH my Elohim) het my (Moses); die twee kliptafels gegee wat beskrywe was met dié vinger van (YAHVAH my Elohim); en daarop ál die Woorde soos (YAHVAH my Elohim dit) op die berg, UIT DIE VUUR; met julle (naamlik dié Israeliete) gespreek het, OP DIE DAG VAN DIE VERGADERING."***

**1).Hierdie geskrewe TIEN WETTE was net die begin van die ontstaan van 613 WETTE wat Moses van YAHVAH sy Elohim sou ontvang, oor dié tydperk wat Israel in die  woestyn geswerf het. Hierdie 613 WETTE sou diegeestelike riglyne word waarvolgens die volk Israel, vir meer as 900 jaar moes lewe.**

**2). Wanneer YAHVAHSHUA "dertig jaar" oud is, word Hy deur Johannes die onderdompelaar (doper); geonderdompel, waar Sy aardse bediening; VIR DIE VOLGENDE DRIE JAAR BEGIN. Tydens hierdie DRIE JAAR word 'n NUWE TESTAMENT (of NUWE VERBOND) geskep; wat nié deur die bloed van diere sou**

**bestaan nie. HY, WIE DIÉ "ENIGSTE WEG" NA DIE VADER, YAHVAH ÓNS ELOHIM SAL WORD! YAHVAHSHUA SELF, BEVESTIG HIERDIE NUWE TESTAMENTIESE GEBOD OF "TWEE KONINKLIKE WETTE," DEUR DIÉ VOLGENDE IN SY WOORD TE VERKLAAR.**

# DIE TWEE KONINKLIKE WETTE

**A). Jakobus 2 vers 8:** ***"As julle (naamlik My Bruid) ewenwel die KONINKLIKE WET volbring volgens dié Skrif: JY MOET JOU NAASTE LIEFHÊ SOOS JOUSELF, DAN DOEN JULLE GOED."***

**1). YAHVAHSHUA Self verklaar:**

**A). Mattheus 22 vers 36 tot 40:** ***"Meester, (YAHVAHSHUA), WAT IS DIÉ GROOT GEBOD IN DIE WET?***

***(Vers 37): "YAHVAHSHUA antwoord hom: JY MOET YAHVAH JOU ELOHIM LIEFHÊ MET JOU "HELE HART" EN MET JOU "HELE SIEL" EN MET JOU "HELE VERSTAND." (Dít beteken, IN GEHEEL HÓM DIEN).***

***(Vers 38): "DIT IS DIE EERSTE EN GROOT GEBOD." (Die Eerste Koninklike Wet).***

***(Vers 39): "En dieTWEEDE wat hiermee gelykstaan is: JY MOET JOU "NAASTE" LIEFHÊ SOOS JOUSELF." (Die Tweede Koninklike Wet).***

***(Vers 40): "AAN HIERDIE "TWEE GEBOOIE" (NUWE VERBOND) HANG DIE HÉLE WET (VAN MOSES) EN DIE PROFETE." (VAN OUDS, NAAMLIK DIE ÓU TESTAMENT).***

# DIT IS MY VERBOND

**A). Kyk nou mooi ná hierdie "Nuwe Testamentiese" Skrifverwysing. Hebreërs 8 vers 10:** ***"Want dít is die Verbond wat Ek (YAHVAH jul Elohim); na die dae; (watter dae?), sal sluit met die huis (of Volk) van Israel, Spreek YAHVAH hul Elohim: EK SAL MY WETTE (DIE TWEE KONINKLIKE WETTE) IN HULLE VERSTAND GEE, EN DÍT OP HULLE HARTE SKRYWE en Ek (YAHVAH) sal vir hulle 'n Elohim wees, en hulle (Naamlik Israel en die Bruid van YAHVAHSHUA); SAL VIR MY Ń VOLK WEES."***

**B). Let wel, weereens 'n Nuwe Testamentiese Skrifverwysing. Hebreërs 10 vers 16:** ***"Want nadat Hy (YAHVAH hul Elohim) tevore gesê het: DIT IS DIE (NUWE) VERBOND; wat Ek met hulle (dié Volk Israel) sal sluit ná die dae, Spreek (YAHVAH hul Elohim),verder: EK SAL MY WETTE (TWEE KONINKLIKE WETTE) GEE IN HULLE (ONS) HART, EN IN HULLE (ONS) VERSTAND SAL EK DÍT SKRYWE." (Nié meer óp kliptafels nie).***

# MY VOLK SAL MY NAAM KEN

**A). Jesaja 52 vers 6:** ***"DAAROM "SAL" MY VOLK "MY NAAM" LEER KEN; daarom sal hulle (naamlik die Volk Israel, en óok dié Bruid van YAHVAHSHUA in hierdie 21ste eeu) weet; OP DIÉ DAG DAT DIT ÉK IS WIE SPREEK: HIER IS EK."***

**Hierdie Versgedeelte lees: SAL – Nié Moontlik nie, Nié Miskien, of Waarskynlik Nié – MAAR SAL!**

---

**1). As iemand nie die belangrikheid van ál hierdie Skrifverwysings kan insien, om YAHVAH ons Elohim, en Sy Seun, YAHVAHSHUA, in Hul Bonatuurlike Name te kan aanbid nie, sal dít goed wees om daaroor te bid, ómdat hierdie Oorspronklike Bonatuurlike Antieke Name; NET VIR YAHVAHSHUA SE BRUID BEDOEL IS.**

---

**2). Kyk hoe bevestig die volgende Skrifgedeelte dít.**

**A). 2 Kronieke 7 vers 14 en 15:** ***"AS MY VOLK, OOR WIE "MY NAAM" (YAHVAH) UITGEROEP IS;***

***hulle verootmoedig en bid en My Aangesig soek; EN HULLE "BEKEER" VAN HUL VERKEERDE WEË; dan sal Ék (YAHVAH hul Elohim) uit dié Hemel hoor en hulle sonde vergewe; en hulle (Israel se) land genees."***

***(Vers 15); "NOU SAL MY (YAHVAH hul Elohim se) OË OOP WEES; EN MY ORE "LUISTER" NA DIE GEBED VAN HIERDIE PLEK." (Waarom? Omdat hulle nou In dié Oorspronklike Antieke Hebreeuse Name bid).***

**B). Openbaring 14 vers 1:** ***"En ek (Johannes) het gesien, en kyk; DIE LAM YAHVAHSHUA STAAN OP DIE BERG SION; en saam met Hóm honderd vier en veertig duisend (Israeliete) MET "SY" NAAM; EN DIE NAAM VAN "SY VADER" OP HULLE VOORHOOFDE GESKRYWE."***

**3). Nou waarom sal enige Protestante persoon NIE In dié Oorspronklike Antieke Hebreeuse Name van Dié Vader, Sy Seun en dié RUACH ha KODESH (Heilige Gees);wil glo nie?**

# WAT BAAT DIT DIE MENS?

**A). Matthéüs 16 vers 26:** ***"Want wat baat dít 'n mens as hy/sy die hele wêreld win, MAAR AAN HUL EIE SIEL SKADE LY? OF "WAT" SAL Ń MENS GEE AS LOSPRYS VIR HUL SIEL?***

**B). Markus 8 vers 36 en 37:** ***"Want wat sal dít 'n mens baat as hy die hele wêreld win; EN AAN SY SIEL SKADE LY?***

***(Vers 37): OF WAT SAL Ń MENS GEE AS LOSPRYS VIR SY SIEL? (Waarom sal énige mens met die Ewige Lewe wil dobbel?).***

# BELANGRIKE INLIGTING

**4). Dié 6de LETTER van die Antieke HEBREEUSE ALFABET is dié 3de LETTER van die Naam, soos verwys in die bekende TETRAGRAMMATON … naamlik: VAV, V – of YHVH; (soos in "Engels" of Afrikaans) .**

**5). Dít is noodsaaklik om die volgende inligting behoorlik te bestudeer omdat dít die "ruggraat" sal vorm, van hierdie Oorspronklike Antieke Hebreeuse Name!**

---

## DIE TETRAGRAMMATON ------------------

# ה יהו

# Y H V H

**1). Dié TETRAGRAMMATON beteken "VIER LETTER WOORD" naamlik: Yod-Hay-Vav-Hay in Hebreërs, wat u dan van regs ná links lees. In "Engels of Afrikaans," en meeste ánder tale in die wêreld, lees u dít van links naregs as: Y H V H.**

**2). Hierdie VIER LETTERS vorm NIE 'n NAAM nie, maar word na verwys as: "KONSONANTE." Konsonante sonder énige "VOKALE" kan NIE as 'n WOORD of NAAM uitgespreek word nie! Daarom is die TETRAGRAMMATON naamlik Yod-Hay-Vav-Hay; "NIÉ" DIE VADER**
**SE NAAM NIE; Want SY Naam bestaan NIE net uit KONSONANTE nié!**

**4). Hoe word dié Bonatuurlike Naam van die Skepper van Hemel en aarde dan uitgespreek; as YAHVAH, ás daar dan net VIER KONSONANTE bestaan naamlik; Yod-Hay-Vav-Hay;**

**wat dan inwerklikheid óok net VIER LETTERS is naamlik: Y H V H. (Let wel, nie Y H W H nie!).**

**5). Wanneer u nou na die Oorspronklike Antieke Hebreërse "Tien Letter" álfabet kyk, vind u dat die "eerste letter" van hierdie álfabet is die Hebreërse Simbool: אâ'lef - of dié letter - "a"- soos in "Engels" óf Afrikaans.**

**6). Die Ou Testamentiese Hoëpriesters vanaf Moses het presies verstaan hoe hierdie *"Oorspronklike Antieke Tien Letter Alfabet"* werk, en het dan by hierdieTETRAGRAMMATON naamlik; Yod-Hay-Vav-Hay dié twee Hebreërse VOKALE, naamlik dieא of dieâ'lef tussen hierdie KONSONANTE geplaas, en díe het dan so in dié Oorspronklike Antieke Hebreëeus gelees: הי אא הו of eerder uitgeskryf as: Yod-Alef Hay-Vav-Alef-Hay.U lees mos in Hebreeus van regs na links, en in "Engels" en Afrikaans, van links ná regs. In "Engels" en Afrikaans lees ons dít as volg: Y H V H met dié twee"A" op die regte plekke, wat dan só sal lees: YAH-VAH; of eerder: YAHVAH.**

**7). Hierdie Antieke Hebreeuse Bonatuurlike Naam "YAHVAH," het net die Ou Testamentiese Hoëpriester; EEN KEER PER JAAR GEBRUIK; wanneer hy die versoenings bloed van die geslagte diere áan die Verbondsark gesmeer het. Hierdie Bonatuurlike Naam "YAHVAH," was te Heilig dat die gewone Israeliete en Jode dít kon gebruik. Hulle het na die Vader verwys as: "Elohim**

**óf Hashem." (Wat beteken "God" soos in dié 1933/53 Afrikaanse Bybels).**

**8). Waarom gebruik die Bruid van YAHVAHSHUA hierdie Bonatuurlike Naam van YAHVAH aanhoudend? Want toe YAHVAHSHUA aan die kruis gesterf het, het die Voorhangsel van die Tempel in Jerusalem, wat skeiding tussen die Heilige en die Heilige-Der-Heilige gemaak het; het van bó tot ónder geskeur, en daar waar die Hebreërse Hoëpriester net eenkeer per jaar kon ingaan, gaan óns, Naamlik die Bruid van YAHVAHSHUA daagliks in, en mag ons tydig en ontydig hierdie Bonatuurlike Naam van YAHVAH óns Elohim gebruik! (Hierdie is net 'n kort uiteensetting. Soos wat u hierdie Bybel bestudeer sal u ook tot dié Volle Geopenbaarde Waarheid kom).**

# BAIE BELANGRIKE INLIGTING

**1). Hieronder uiteengesit is drie verwysings van: *"The Universal Pronouncing Dictionary of Biography and Mythology, deur Joseph Thomas, M.D., L.L.D."* Nuwe derde uitgawe deeglik hersien en opgedateer tot 1901. Philadelphia: J.B. Lippincott Maatskappy, London: Southhamptonstraat 36, Covent Garden. (Later sal ek vir u verduidelik wie was ene: Dr. Joseph Thomas M.D. L.L.D.).**

**2). Eerstens, sal u merk dat In die ANTIEKE HEBREEUSE ALFABET dié Sesde Letter: Vav, of Vauv – V is, en nie'nW nie. Vervolgens, dié GRIEKS, wanneer 'nV gebruik word as 'n VOKAAL; (20ste Letter van dié Griekse álfabet ϒ υ),word dít uitgespreek as: oo – u. Maar, derdens, wanneer dieselfde letter gebruik word ás**

**‘n KONSONANT in GRIEKS, word dít uitgespreek soos óns; V en nie ’n W nie!**

**3). Dit is presies die wyse waarop die letter in HEBREEUS Gebruik word, soos Vav, Wanneerdít gebruik word as ‘n KONSONANT V; Wanneer dít gebruik word as ‘n VOKAAL; is dit ook ’n: oo (u) of ń enkel “o.” Dit álles hang af WAAR en HOE dít gebruik word!**

**……………………………………………………………………………………………**

# <u>DIE ANTIEKE HEBREEUSE ALFABET</u>

| | **NAAM** | **LETTER** |
|---|---|---|
| **1. א** | **â’lef** | **a** |
| **2. כ** | **bêth of bâth** | **v ,b** |
| **3. ב** | **ḡimel of ḡee’mel** | **g** |
| **4. ד** | **dâ’leth** | **d of dh** |
| **5. ה** | **hê of hā** | **h** |
| **6. ו** | **vâv of vauv** | **v** |
| **7. ז** | **zâ’yin** | **z** |
| **8. ח** | **Hêth of Hâth** | **H (soos die Arabiese ح)** |
| **9. ט** | **têt of tāt** | **t** |
| **10. י** | **yōdh** | **y** |

**6. ϒ υ (upsilon) is amper soos dié Franse u,(óf *ü.*).**

**……………………………………………………………………………………………..**

# DIE BELANGRIKHEID OM TE AANBIDDING IN DIE ANTIEKE OORSPRONKLIKE BONATUURLIKE NAME

**1). Al hierdie belangrike Skrifgedeeltes is hoofsaaklik vertaal uit: "*The Restoration of Original Sacred Name Bible the Rotherham Version*," en die genoemde Bybels.**

**A). Spreuke 30 vers 4: "*Wié het na die Hemel opgeklim en neergedaal? (natuurlik die Vader). Wié het die wind in Sy vuiste versamel? (die Vader). Wie het die waters in 'n kleed saamgebind? (natuurlik dié Vader). Wié het al die eindes van die aarde vasgestel?(dié Vader). HOE IS SY NAAM? EN HOE IS DIE NAAM VAN SY SEUN; AS JY DIT WEET? (Wat sê u is Hulle Name? Wat het Protestantisme ons geleer is hierdie Name?).***

**2). Kyk weer nahierdie volgende Skrifverwysing.**

**B). Jesaja 52 vers 6: *"Daarom sal My volk (Israel, en ook die Bruid van YAHVAHSHUA in hierdie 21ste eeu); MY NAAM "LEER" KEN! Daarom sal hulle weet op die dag (vandag as u hier lees); DAT DÍT EK (YAHVAH) IS WIE SPREEK! HIER IS EK! (Dit hang natuurlik van u af, wat u met hierdie uitnodiging maak).***

**C). Psalms 68 vers 4 en 5: *"Maar die regverdiges (naamlik die Volk Israel) is bly, hulle juig voor die aangesig van YAH hul Elohim, en hulle is vrolik met blydskap."* (Hierdie is 'n verkorte uitspraak van dié Vader se Naam … Sing lofsange, of maak musiek ter wille van SY NAAM, want YAH(הו אא הי); [uitgespreek ás YAHVAH] IS SY NAAM!**

***(Vers 5): "Sing tot eer van YAH Almagtig; Psalmssing tot Eer van Sy Naam; vul die pad op vir Hóm (YAHVAH); wie deur dié***

*woestynvlaktes ry: YAH(הו אא הי); is Sy Naam; en jubel voor Sy aangesig!* **(Hierdie verkorte weergawe van SY NAAM; word gevind in die geseënde Hebreeuse universele lofprysing, naamlik: Hallelu-YAH; met dié betekenis: Prys/Loof [julle naamlik Israel;הו אא הי]; YAHVAH Almagtig).**

**1). Dié volledige weergawe van YAH se Naam word gevind in die volgende Skrifgedeeltes:**

**A). Jesaja 42 vers 8:** ***"Ek is YAH, dit is My Naam; en My eer sal Ek aan geen ánder gee; of ook My lof aan geen gesnede beelde nie."***

**B). Jeremia 16 vers 21:** ***"Daarom, kyk, Ek (YAHVAH) laat hulle (naamlik dié volk Israel) hierdie keer voel, voel My hand en My mag; en hulle (naamlik dié volk Israel) sal weet; DAT MY NAAM(הו אא הי) YAHVAH IS."***

**C). Eségiël 39 vers 7:** ***"En Ek sal My Heilige Naam bekend maak onder My volk Israel; en sal My Heilige Naam (YAHVAH) nié meer laat óntheilig nié; en die(ongoddelike) nasies sal weet dat Ek YAHVAH(הו אא הי); die Heilige in Israel is."***

**D). Psalms 83 vers 19:** ***"Sodat hulle (naamlik dievolk Israel) kan weet dat U, wie se Naam YAHVAH, is, ALLEEN DIE ALLERHOOGSTE IS OOR DIE HELE AARDE."(הו אא הי).***

**2). Dié Oorspronklike Antieke Hebreeuse Bonatuurlike Naam, het Sy oorsprong in die Antieke Hebreeuse werkwoord**

**(הו אא הי)"YAHVAH." Wat beteken: OM TE BESTAAN óf DIE BESTAANDE EWIGDURENDE EEN.**

**3). Dié woord of die titel "SHUA"(ש ע); soos In die Naam van die Seun (ש עהו אא הי); "YAHVAHSHUA,"waar dít voorkom is**

**uiters belangrik. Hierdie titel of verwysing "SHUA" (ש ע); beteken: RED óf REDDER, VERLOSSER, SALIGMAKER, MAGTIG, DIÉ MAGTIGE! Die Seun (YAHVAHSHUA) verklaar self volgens:**

**A). Johannes 5 vers 43:** ***"Ek het gekom in DIE NAAM van My Vader(הו אא הי- YAHVAH); EN JULLE NEEM MY NIE AAN NIE. As 'n ánder een in sy eie naam kom, HOM SAL JULLE AANNEEM."***

**4). Wat is die Vader se Naam? YAHVAH (הו אא הי).**

**5). Wat is die Seun se Naam? YAHVAH-SHUA (ש עהו אא הי).**

**6). Dié Seun het die Naam van Sy Vader YAHVAH ontvang.**

**7). Wat is dan die Seun se Naam? Sekerlik óok YAHVAH? Natuurlik!**

**8). Maar ná die Seun word verwys as: YAHVAH-SHUA; wat dan beteken dat HY óns "SHUA" (ש ע) geword het, wat beteken dat die Seun het ook óns: REDDER, VERLOSSER en SALIGMAKER geword!**

**Dié VADER se Naam is: <u>YAHVAH (הו אא הי</u>).**

**↓**

**Dié SEUN se Naam is: <u>YAHVAH-SHUA (ש עהו אא הי</u>).**

**↓**

**Dié Seun is die: <u>REDDER VERLOSSER EN SALIGMAKER</u>!**

**9). Derhalwe, YAHVAHSHUA is ons Redder volgens:**

**A). Handelinge 4 vers 10 tot 12:** ***"Laat dít bekend wees aan julle almal (naamlik die Bruid van YAHVAHSHUA) en aan dié hele***

*volk van Israel; dat deur dié Naam van YAHVAHSHUA ( ש עהו אא הי); die Nasaréner, wie julle (Israeliete) gekruisig het, maar wie YAHVAH Sy Vader uit dié dode ópgewek het, dat deur Hóm hierdie man gesond voor julle (Israeliete) staan."*

***(Vers 11): "HY (YAHVAHSHUA/(ש עהו אא הי) IS DIE STEEN; wie deur julle(Israeliete naamlik);die bouers, verag is, WIE DIE "HOEKSTEEN" (VAN DIÉ EWIGE EVANGELIE);***
***GEWORD HET."***

***(Vers 12): "En dieSaligheid (of Redding) is in niemand anders nie, Want daar is óok GEEN ANDER NAAM Onder die Hemel wat ónder die mense gegee is;***

***WAARDEUR ONS (NAAMLIK SY BRUID) GERED "MOET" WORD NIE."(ש עהו אא הי).***

**1). Let op na hierdie "GRIEKSE" verwysing en bevestiging: *"The Greek Emphatic Diaglott footnote of Matthéüs 1 vers 2; YaHva-Shua: "I Shall Be Powerful."* EK SAL MAGTIG WEES! Wat beteken dat die Naam YAHVAHSHUA, "Magtig" sal wees! Wanneer ons terugkyk in YAHVAHSHUA se lewe bykans 2000 jaar gelede, dan ervaar ons as dié Bruid van YAHVAHSHUA in hierdie 21ste eeu; DAT HIERDIE NAAM "YAHVAHSHUA" KRAGTIG WAS, VANDAG IS EN ALTYD SAL WEES!**

# DIE VERLOSSINGSNAAM

**1). YAHVAHSHUA, ook die verkorte weergawe "YAHSHUA,"is dieReddingsnaam volgens:**

A). Handelinge 4 vers 10 tot 12: ***"Laat dít bekend wees aan julle álmal (naamlik die Nuwe Testamentiese Bruid van YAHVAHSHUA) en aan diehele volk van Israel; dat deur die***

*Naam van(ש עהו אא הי)YAHVAHSHUA, die Nasaréner, wie julle (Israel) gekruisig het; maar wie YAHVAH ons Elohim, UIT DIE DOOD OPGEWEK HET, dat deur Hóm hierdie man gesond voor julle staan."*

*(Vers 11): "Hy (ש עהו אא הי -YAHVAHSHUA) is die steen wie deur julle (dié volk Israel), die bouers; verag is, WIE DIE HOEKSTEEN GEWORD HET."*

*(Vers 12): "En die saligheid (of redding van dié Bruid van YAHVAHSHUA);is in niemand ánders nie, want daar is ook GEEN ANDER NAAM onder die Hemel wat ónder die mense gegee is, WAARDEUR ÓNS GERED MOÉT WORD NIE."* **Behalwe die Bonatuurlike Naam; (ש עהו אא הי -YAHVAHSHUA).**

**2). YAHVAH Almagtig, het Sy Seun YAHVAHSHUA**

**(ש עהו אא הי) na die aarde gestuur, om ons te red volgens:**

**A). Johannes 3 vers 16:** ***"Want sólief het YAHVAH Almagtig die wêreld gehad; dat Hy Sy eniggebore Seun (ש עהו אא הי - YAHVAHSHUA) gegee het, sodat elkeen wie in Hóm glo, nieverlore mag gaan nie, MAAR DIE EWIGE LEWE KAN HÊ."***

**3). Hierdie is 'n baie interessante vertaling van Johannes 3 vers 16. (Dit lees "perish" in die "Engelse" vertaling, en dít beteken nie; "NIE VERLORE MAG GAAN NIE,"**

**Maar volgens:** ***"The Chambers Dictionary of Etimology," it means: "to die, be destroyed, come to ruin, spoil or decay." Dít is geleen van die Oud-Franse woord "perissen" – 1275."*****Dit word dan ook in Afrikaans vertaal as: "omkom, doodgaan, sterf, sterwe, verweer of vergaan."**

**A). Dit bly ángswekkend wanneer ons volgens verskillende woord vertalings besef, hoe sekere woorde geheel en al "kragteloos" kan word, deur net van sekere vertalings gebruik te maak!**

**B). Daarom vind ons vandag in 2023; dat die 1983 Afrikaanse Bybel, meer as 9000 woord veranderings ondergaan het, as ook 18 gehele "vers" weglatings, vergeleke met ons 1933 Afrikaanse Bybel en ons 1953 Afrikaanse Bybel. Die 1933 Afrikaanse Bybel was 70 jaar gelede ingeheel gedruk, en die 1953 Afrikaanse Bybel was 42 jaar gelede, ingeheel gedruk. Die 1933/53 Afrikaanse Bybel wat tans in boekwinkels beskikbaar is, is NIE 'n volledige 1933 óf 1953 Afrikaanse Bybel nie, omdat hierdié spesifieke Afrikaanse Bybel volgens sy éie VOORWOORD, ongeveer 5000 veranderings; vergeleke met die 1933 en 1953 Afrikaanse Bybel ondergaan het, en dan verklaar hierdie Bybel dat dít relatief min veranderings is! Hoe is dít moontlik dat hierdie inligting in hierdie 1933/53 Afrikaanse Bybel, gedruk is?**

**C). Daarom is hierdie: *"Afrikaanse Nuwe Testament Studiebybel,"* vertaal uit die genoemde "Oorspronklike Bybels," wat álmal hoofsaaklik uit: *"Dié 1522 Textus Receptus Griekse Teks van ene; Desiderius Erasmus,"* vertaal is!**

# DIE NAAM VER BO ELKE ANDER NAAM

**1). Wanneer ons die volgende Skrifverwysings bestudeer, vind óns die volgende:**

**A). Filippense 2 vers 9 en 10: *"Daarom het YAHVAH Almagtig, Hóm (YAHVAHSHUA) ook uitermate verhoog; EN HOM Ń NAAM GEGEE WAT BÓ ELKE ANDER NAAM IS."***

***DIT IS DIÉ NAAM(הי אא עהו ש – YAHVAHSHUA).***

**(Vers 10):** ***"Sodat In die Naam van YAHVAHSHUA sou buig élke knie van die wie In dieHemel en die wie op die aarde en die wie onder die aarde (in die doderyk) is.***

**B).Efésiërs 1 vers 21:** ***"Bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy, en elke ander (bose) naam wat genoem word, nie alleen in hierdie (huidige) wêreld nie, maar ook in die toekomstige."***

**2). Sonder twyfel weet ons naamlik die Bruid van YAHVAHSHUA nou, volgens die Woord van YAHVAH Almagtig; DAT DIÉ NAAM YAHVAHSHUA, DIE ENIGSTE NAAM OP HIERDIE AARDE IS; WAARDEUR ENIGE MENS GERED KAN WORD!**

# DOEN ALLES IN SY NAAM

**A). Kolossense 3 vers 17:** ***"En wat julle (naamlik dié Bruid van YAHVAHSHUA) ook al doen; IN WOORD OF IN DAAD; DOEN DIT ALLES IN DIÉ NAAM VAN YAHVAHSHUA, en dank YAHVAH ons VADER deur Hóm." (YAHVAHSHUA, die voleinder van ons geloof).***

**1). Koning Dawid het geprofeteer dat die "Messias," (die Verlosser van Israel wie nóg gebore moes word); IN DIÉ NAAM VAN SY VADER SOU KOM, volgens:**

**B). Psalms 118 vers 26:** ***"Geseënd is Hy (YAHVAHSHUA); WIE KOM IN DIE "NAAM" VAN (הי אא הו) YAHVAH Almagtig! Ons seën julle (Israel) uit die huis (of Tempel) van YAHVAH Almagtig."***

**2). Wanneer U nou die volgende Nuwe Testamentiese Skrifgedeeltes bestudeer, sal u vind hoe hierdie Skrifgedeelte In**

**dié Ou Testament tot vervulling kom; IN AL VIER DIÉ NUWE TESTAMENTIESE EVANGELIES.**

**A). Matthéüs 21 vers 9:** ***"En die skare wie voor geloop en die wie gevolg het; het uitgeroep en gesê: Hosanna vir dieseun van Dawid! GESEËND IS HY; (הי אא עהו ש - YAHVAHSHUA);WIE KOM IN DIE NAAM VAN YAHVAH (הי אא הו); SY VADER! HOSANNA IN DIE HOOGSTE HEMELE!***

**1). Volgens hierdie Skrifgedeelte word dieprofesie van koning David, volgens; Psalms 118 vers 26; presies vervul in**

**(הי אא עהו ש– YAHVAHSHUA), WANNEER HY MET SY VADER**

**(הי אא הו)YAHVAH;SE NAAM GEBORE WORD!**

**2). Kyk hoe word Psalms 118 vers 26; nou vervul in dié Evangelie, volgens:**

**B). Markus 11 vers 9:** ***"En die(Israeliete) wie voor geloop en die wat gevolg het, het uitgeroep en gesê: Hosanna! GESEËND IS HY WIE KOM IN DIÉ NAAM VAN YAHVAH Almagtig***

***(הי אא הו)."*****(Dít is YAHVAHSHUA).**

**C). Lukas 19 vers 38:** ***"Terwyl hulle (naamlik dié Israeliete) sê: Geseënd is dieKoning(הי אא עהו ש –YAHVAHSHUA);wie kom in die Naam van(הי אא הו) YAHVAH Almagtig, vrede in die Hemel en heerlikheid in diehoogste Hemele!***

**D). Johannes 12 vers 13:** ***"Hulle (naamlik die Israeliete) het palmtakke geneem en uitgegaan Hóm (הי אא עהו ש – YAHVAHSHUA) tegemoet en geroep: Hosanna! GESEËND IS HY WIE KOM IN DIÉ NAAM VAN YAHVAH ALMAGTIG; dié Koning van Israel."***

**1).Die bevestiging van elkeen van hierdie verskillende Skrifverwysings is sekerlik nié toeval nie? NATUURLIK NIE!**

# LAAT U NAAM GEHEILIG WORD

**A). Matthéüs 6 vers 9:** ***"Só moet julle (naamlik dié Bruid van YAHVAHSHUA)dan bid: Onse Vader wat In dieHemele is, LAAT U NAAM GEHEILIG WORD." (Watter Naam? Dié Naam(הו אא הי) YAHVAH ons Elohim).***

**B). Lukas 11 vers 2:** ***"En Hy (ש עהו אא הי – YAHVAHSHUA) sê vir hulle (naamlik Sy Bruid): Wanneer julle bid, sê: Onse Vader( הו אא הי - YAHVAH);wie in die Hemele is; LAAT U NAAM (DIE NAAM YAHVAH) GEHEILIG WORD; Laat U Koninkryk kóm; (naamlik dié Werderkoms van YAHVAHSHUA vir Sy Bruid); LAAT U (YAHVAH óns Elohim se) WIL GESKIED; Soos in die Hemel nét so ook op die aarde."***

**C). Johannes 17 vers 6: "*Ek(ש עהו אא הי – YAHVAHSHUA); het U Naam (die Naam YAHVAH Almagtig, geopenbaar áan die mense wie U My (YAHVAHSHUA); uit die wêreld gegee het. Hulle het áan U behoort, en U het hulle aan My gegee, en hulle (naamlik My Bruid) HET U WOORD (DIE GEOPENBAARDE WOORD) BEWAAR."***

**D). Johannes 11 vers 25 tot 27:** ***"(ש עהו אא הי – YAHVAHSHUA) sê vir haar: EK IS DIÉ OPSTANDING EN DIE(EWIGE) LEWE; WIE IN MY GLO, SAL LEWE AL HET HY/SY GESTERWE."***

**(Vers 26):*"En élkeen wielewe en In My(ש עהו אא הי – YAHVAHSHUA) glo; SAL NOOIT STERWE TOT IN EWIGHEID NIE! Glo jy dit? (WAT GLO U?)***

(Vers 27):*"Hy ántwoord Hóm: Ja, Meester, ek glo dat U die verwagte Messias (Redder, Verlosser en Saligmaker) is, Die Seun van YAHVAH ons Elohim, Wie In die wêreld sou kom." (Dat daar redding vir óns In die Naam (הי אא הו ע ש – YAHVAHSHUA); kón wees).*

3). Wanneer Ons hierdie gebed bid: *"Ons Vader (YAHVAH ons Elohim), wie in die Hemele is, laat U Naam Geheilig word,"* Doen ons dit as Sy kinders, en dra óns as Bruid van YAHVAHSHUA; letterlik en figuurlik; ÓNS VADER SE NAAM! Hy gee aan elkeen van óns 'n ewige erfenis/erfdeel volgens Handelinge 20 vers 32. Wanneer óns YAHVAHSHUA se redding/verlossing deelagtig geword het. Dan het óns naamlik Sy Bruid dié behoefte om Hóm te behaag, DEUR NET SY WIL TE DOEN. Ons is deel van hulle wie Matthéüs 25 vers 34 verklaar: *"…. Kom, julle geseëndes van My Vader (YAHVAH), beërf die Koninkryk wat vir julle (naamlik My Bruid) berei is; van die grondlegging van die wêreld af."*

# WANNEER ONS IN YAHVAH ALMAGTIG SE NAAM BID

A). Jeremia 33 vers 2 en 3: *"So Spreek YAHVAH Almagtig WIE DIT DOEN; Die Skepper van Hemele en die aarde, Wie dít formeer om dít te bevestig, YAHVAH(הי אא הו)IS SY NAAM."*

*(Vers 3): "Roep My (YAHVAH Almagtig) aan, en Ek sal jou (naamlik dié Volk Israel) antwoord en jou bekend maak; groot en óndeurgrondelike dinge wat jy, (selfs óok die Bruid van YAHVAHSHUA) NIE GEWEET HET NIE."*

**1). Wanneer ons in hierdie Oorspronklike Antieke Hebreeuse Name bid; beweeg óns die Vader en die Seun, om Hul beloftes gestand te doen! WANT DIE OUTORITEIT IS IN HIERDIE NAME!**

# YAHVAH ALMAGTIG HET SY EIE NAAM BEKEND GEMAAK

**A). Exodus 34 vers 5 en 6:** ***"En (הו אא הי)YAHVAH die Almagtige van Israel,het neergedaal in die wolk en daar by hom (Moses) gestaan. EN HY (MOSES) HET DIÉ NAAM(הו אא הי) YAHVAH UITGEROEP! (Hy het nié die Naam God, of Here uitgeroep nie, want dit is Griekse woorde, wat eers in die 2de en 13de eeu; geskep was).***

***(Vers 6): "En toe(הו אא הי)YAHVAH by Moses verbygaan, het hy geroep: (הו אא הי)YAHVAH,(הו אא הי)YAHVAH Almagtig;barmhartige en genadige Elohim, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou."(Hy sou sekerlik in Hebreeus uitgeroep het, want op daardie tydstip het die Griekse taal of volk, nog nié bestaan nie).***

**1). Volgens hierdie gelese Skrifgedeeltes is die vraag nou. Het Moses die Naam van die Skepper van Hemel en aarde geken? Die ántwoord is eenvoudig. VERSEKER! KEN U SY NAAM? Net u sal werklik weet!**

# DIE NAAM BÓ ELKE ANDER NAAM

**A). Hebreërs 1 vers 1 tot 4:** ***"Nadat YAHVAH baiekeer en óp baie maniere in die Ou (Testamentiese) tyd gespreek het tot die Vaders deur dieProfete, het Hy (YAHVAH Almagtig); in hierdie laaste dae(van dié Nuwe Testament); tot óns (naamlik dié Bruid van YAHVAHSHUA); GESPREEK DEUR SY SEUN."(הו אא הי עהו ש – YAHVAHSHUA).***

*(Vers 2): "Wat Hy,(Dié Vader, YAHVAH Almagtig); as Erfgenaam van álles aangestel het, deur Wie Hy (YAHVAH Almagtig)ook diewêreld gemaak het."*

*(Vers 3): "Hy, (ש עהו אא הי – YAHVAHSHUA); wie dieáfskynsel(of bloudruk) is van Sy (naamlik YAHVAH Sy Vader se) heerlikheid, en die áfdruksel van Sy (YAHVAH Sy Vader se) wese; en álle dinge (in dié Hemele en óp dieaarde); DRA DEUR DIE WOORD VAN SY (VADER SE)KRAG; Nadat Hy (YAHVAHSHUA); deur Hómself diereiniging van óns (naamlik Sy Bruid se) sondes bewerk het, het Hy (YAHVAHSHUA) gaan sit aan dié Regterhand van die Majesteit in diehoogte." (Hemele).*

*(Vers 4): "Terwyl Hy(ש עהו אא הי – YAHVAHSHUA); soveel uitnemender geword het as die(ánder) engele (in die Hemele); namate Hy (YAHVAHSHUA) 'n voortrefliker (besondere) Naam geërf het ás hulle."*

*(Al hierdie ánder engele in die Hemele).*

**1). Dié onbetwiste feit is dat die Seun, YAHVAHSHUA, Sy Vader Se Naam ontvang het, toe die Vader Hóm gegenereer het! (Volgens Hebreërs 1 vers 5).**

**2). U word genooi om ook dieontstaan van dié Seun, YAHVAHSHUA, volgens Hebreërs 1 vers 1 tot 14; te bestudeer, om ook tot die Geopenbaarde werklikheid van hierdie Bonatuurlike gebeure te kom!**

# YAHVAHSHUA ANTWOORD DIE SATAN UIT DIE OU TESTAMENTIESE GESKRIFTEA).

Matthéüs 4 vers 4: *"Maar Hy(הו אא הי ש עהו – YAHVAHSHUA); antwoord en sê(vir dié satan): Daar is geskrywe: Dié mens sal nie van brood álleen lewe nie, maar van elke Woord wat deur die mond, van (הו אא הי)YAHVAH My Vader uitgaan."*

1).Vergelyk nou dieselfde ooreenkoms uit die Ou Testament.

**B). Deuteronómium 8 vers 3:** ***"En Hy (YAHVAH Almagtig) het jou; (naamlik dié Volk Israel); verootmoedig en jou laat honger ly; en jou die manna laat eet wat jy en jou Vaders nie geken het nie, om áan jou (Israel) bekend te maak dat die mens nie van brood alleen lewe nié, maar dat die mens lewe van alles; WAT UIT DIE MOND VAN YAHVAH SY ELOHIM UITGAAN."***

**C). Matthéüs 4 vers 7:** *"YAHVAHSHUA sê vir hom(dié satan): daar is ook geskrywe: EK MAG YAHVAH MY VADER NIE VERSOEK NIE."*

**1). Weer dié Ou Testamentiese vergelyking.**

**D). Deuteronómium 6 vers 16:** ***"Julle (naamlik dievolk Israel) mag YAHVAH Almagtig; nie versoek, soos julle Hóm by Massa versoek het nié."***

**E). Matthéüs 4 vers 9 en 10:** *"Daarop sê die satan vir YAHVAHSHUA: Al hierdie dinge sal ek,(die satan) áan U gee as U neerval en my aanbid."*

*(Vers 10): "Toe sê YAHVAHSHUA vir hom(dié satan);gaan weg, satan! want daar is geskrywe: YAHVAH MY VADER MOET EK AANBID EN HÓM ALLEEN DIEN."*

**1). Vergelykende Ou Testamentiese Skrifverwysing.**

**F). Deuteronómium 6 vers 13:** ***"Jy (naamlik dievolk Israel) moet YAHVAH Almagtig; vrees en Hóm dien; EN BY SY NAAM MOET JULLE SWEER."***

**1). Wat merkwaardig is, is die feit dat hierdie Nuwe**

**Testamentiese geskrifte, bevestig presies die Oorspronklike Antieke Heilige Hebreeuse Geopenbaarde Name;**

**VAN DIÉ VADER, YAHVAH; EN SY SEUN YAHVAHSHUA!**

# YAHVAHSHUA HET SY NAAM AAN SAUL IN DIE HEBREEUSE TAAL GEOPENBAAR

**1). Dít is uiters noodsaaklik om verseker te weet in watter taal YAHVAHSHUA met Saul gepraat het, want dít sal die verskil maak wat werklik die waarheid is!**

**A). Handelinge 26 vers 13tot 15: *"Toe ek (Saul) dan daarvoor na Damaskus op reis was; met volmag en opdrag van dieOwerpriesters." (Om die Nuwe Testamentiese gemeente van YAHVAHSHUA, in Damaskus te vervolg).***

***(Vers 13): "Het ek, o Koning, in die middel van die dag op die pad; Ń LIG UIT DIE HEMEL GESIEN; sterker as die glans van die son, wat my (Saul) en my reisgenote omstraal het."***

***(Vers 14): "Ons almal het toe op die grond geval, en daar hoor Ek 'n stem met my spreek;IN DIÉ HEBREEUSE TAAL WAT SÊ: Saul, Saul, waarom vervolg jy My? Dít is hard vir jouom teen die prikkels te skop."***

**2). Wanneer ons nou (vers 15) lees en bestudeer is dít noodsaaklik om te weet; UIT WATTER TAAL IS DIE "NUWE TESTAMENT" VERTAAL? Onmiddelik sal u ook sê: GRIEKS!**

**3). Die onmiddelike vraag is, wat was die "voertaal" van die Israeliete gewees, vanaf Moses tot op YAHVAHSHUA? NATUURLIK HEBREEUS! Terwyl u nou die volgende Skrifgedeeltes bestudeer; moet u oplet na die verskillende "Griekse" name wat gebruik word; om te verduidelik WAT met Saul gebeur het, terwyl hy inwerklikheid 'n Hebreër was!**

*(Vers 15): "Toe sê Ek (Saul): WIE IS U, HERE? En Hy sê: __EK IS JESUS WAT JY VERVOLG__."*

**A). *"Toe sê Ek (Saul): WIE IS U, HERE?* Dít wat hier geskryf staan in ons gewone Afrikaanse Bybels; IS GEHEEL EN AL ONMOONTLIK! Want eers in die 2de eeu; word die Naam "YAHVAH," in die moderne GRIEKS verander ná: "Curios/Theos," wat verwys na die son-god; Nimrod, Rha en Zeus. In die 13de eeu word die GRIEKSE naam "Cirous/Theos" in "Engels" vertaal as: "LORD/GOD" álles Hoofletters, later word dít weer verander na: "Lord/God."**

**Wanneer ons 1933 Afrikaanse Bybel vertaal word, word die woorde "LORD/GOD – HERE/GOD" en die woorde "Lord/God – Here/God," ook so invertaal.**

**B). Sonder dat dít agtergekom is, is die Babiloniese afgode name in ons "Engelse" en Afrikaanse Bybelvertalings invertaal, terwyl DIT nie die Oorspronklike Antieke Hebreërse Name was nie, maar hierdie korrupte vertalings het vanaf die 2de eeu gebeur! U moet nou saamstem dat Saul NIE die woord "HERE" kon gebruik het nie! Want hierdie woord het toe nog NIE bestaan nie! Kom dan bestudeer ons nou die tweede gedeelte van DIT, wat Saul in (vers 15) gesê het.**

**C). *"… En hy (YAHVAHSHUA) sê: EK IS JESUS WAT JY VERVOLG*."**

**Weereens, dít wat hier geskryf staan in ons Afrikaanse Bybels, IS NET NIÉ MOONTLIK NIE! Hoe het die Naam "Jesus" ontstaan; terwyl daar eers in die 16de eeu, in die moderne Grieks en moderne Hebreeus; die letter "J" ontstaan het? Vir bykans 1400 jaar was die letter "I" gebruik omdat daar nie 'n letter "J" bestaan het nie! WAT HET GEBEUR? Wel, kom dan lees ons die Skrifgedeeltes, volgens:**

**1). Mattheus 1 vers 21 tot 23:** ***"En sy (Miriam, Hebreërs, [nie Maria soos in die Grieks] nie); sal 'n Seun baar, en jy (Josef) moet Hóm (שׁ עהו אא הי) YAHVAHSHUA)noem, WANT DIT IS HY WIE SY VOLK (ISRAEL) VAN HULLE SONDES SAL VERLOS."***

***(Vers 22): "En dít het alles gebeur, sodat dieWoord vervul sou word, wat (הו אא הי) YAHVAH Almagtig, deur dieProfeet gespreek het."***

***(Vers 23):"Kyk, diemaagd (Miriam) sal swanger word en 'n Seun baar, en hulle sal Hóm EMMÁNUELnoem, Dít is, as dit vertaal word: (הו אא הי) YAHVAH MET ONS." (Volgens die Oorspronklike Antieke Hebreërse Alfabet, was die Seun se Naam (שׁ עהו אא הי –YAHVAHSHUA; gewees).***

**A). Hoe het hierdie Bonatuurlike Naam (שׁ עהו אא הי – YAHVAHSHUA) na "Jesus" verander? Maklik! Met die skepping van die "Vier Evangelies" tussen 100 N. Y. tot 127 N. Y., word die Naam (שׁ עהו אא הי– YAHVAHSHUA), volgens die oorspronklike Antieke Hebreërs verander, na die GRIEKSE-god Zeus; ook genoem "Isis." Vir meer as 1300 jaar, tot en met dieontstaan van Protestantisme, word daar na "Isis" verwys as YAHVAHSHUA. In die middel van die 15de eeu; word die letter "J" in diemoderne GRIEKS en moderne HEBREËRS geskep, EN DAN WORD DIE BABILONIESE/GRIEKSE NAAM "ISIS," VERANDER NA "JESUS."**

**B). Met hierdie eeue-oue nagevorste inligting sal dít nou makliker wees om te verstaan; wat het met Saul op die Damaskus pad gebeur, en wat het hy gehoor en gesien!**

**Kom ons lees weer:**

**C). Handelinge 26 vers 15:** ***"Toe sê ek(Saul): WIE IS U, HERE? EN HY SÊ; EK IS JESUS WAT JY VERVOLG."***

**1). Met die voorafgaande nagevorste inligting;**

**is dít nou duidelik dat Saul nié hierdie moderne GRIEKSE name kon geuiter het nie, want hy was geskool in die Antieke Hebreeuse taal. Wat sou hy eerder volgens:** ***"The Restoration of the Original Sacred Name Bible, the Rotherham Version,"*** **gehoor het?**

**D). Handelinge 26 vers 15:** ***"Toe sê ek (Saul): WIE IS U,***

***(ש עהו אא הי –YAHVAHSHUA)? En Hy sê: EK IS (ש עהו אא הי – YAHVAHSHUA); WIE JY VERVOLG."***

**1). Hier het ons nou Apostel Paulus se éie getuienis gehoor!**

**2). Dit is nou belangrik om noukeurig die volgende gedeeltes van Saul sé getuines te hoor!**

**E). Handelinge 22 vers 1 en 2: "*Broeders en vaders, luister nou namy verdediging teenoor julle."***

***(Vers 2): "EN TOE HULLE HOOR DAT HY HULLE IN "<u>DIE HEBREEUSE TAAL</u>" TOESPREEK; was hulle (hierdie Jode) nog stiller. En hy (Apostel Paulus) sê …"***

**F). Handelinge 22 vers 6 tot 10: "*Maar terwyl ek (Saul) óp reis was en naby Damaskus kom, het daar op die middagskielik 'n groot lig uit die Hemel my omstraal."***

***(Vers 7):"En ek (Saul); het op diegrond geval en 'n stem vir my***

***hoor sê: Saul, Saul, WAAROM VERVOLG JY MY?***

***(Vers 8): "En ek (Saul) het geantwoord: WIE IS U MEESTER? En HY het vir my gesê: EK IS (יהי אא עהו ש –YAHVAHSHUA) DIE NASARÉNER, WIE JY VERVOLG."***

***(Vers 9): "En die ander mense wie saam met my was, HET WEL DIE LIG GESIEN EN BANG GEWORD; Maar die stem van Hóm***

***(יהי אא עהו ש –YAHVAHSHUA); wie met my gespreek het, nié gehoor nie." (Vers 10): "En ek (Saul) het gesê: WAT MOET EK DOEN (יהי אא עהו ש –YAHVAHSHUA?). YAHVAHSHUA HET TOE VIR MY GESÊ: Staan op en gaan na Damaskus, en daar sal jou vertel word alles wat aan jou opgedra is om te doen".***

**3). YAHVAHSHUA sou nooit die Babiloniese naam "JESUS" gebruik het nie, want hierdie naam of vorm het Nié in die Antieke Hebreeus of Antieke Grieks bestaan; voor die middel van die 16de eeu nie!**

**4). Wat merkwaardig is, is die feit dat ons as kinders álles geglo het wat aan ons in die sondagskole en kerke geleer was, sonder om ooit later self die waarheid hierin te toets!**

**5). Wanneer ander inligting soos in hierdie Bybel dan ontbloot word, vind ons in hierdie 21ste eeu; dít so moeilik om te glo, want die Bybel verklaar mos: *"Glo nie elke gees nié … of al sou 'n engel uit die Hemele aan jou 'n ander Evangelie wil verkondig; laat hom/haar dan 'n vervloeking wees."***

**6). Dié vraag is: WIL ONS DIE WAARHEID WEET?**

# IS DIT ALLELUJAH OF HALLELUYAH?

**A). Romeine 15 vers 11:** ***"En ook: LOOF "(הו אא הי)YAHVAH ALLE NASIES; EN PRYS HÓM ALLE VOLKE." (Ook die Bruid van YAHVAHSHUA in hierdie 21ste eeu!).***

**1). Kyk hoe word hierdie Skrifgedeelte bevestig in die Ou Testament.**

**B). Psalms 117 vers 1 en 2:** ***"Loof(הו אא הי) YAHVAH Almagtig, alle nasies! Prys Hóm, alle volke!***

***(Vers 2): "Want Sy (YAHVAH se) goedertierenheid is geweldig oor ons, en die trou van (הו אא הי)YAHVAH Almagtig, Is tot in Ewigheid. HALLELU-YAH!***

**2). Die woord HALLELU-YAH! beteken: PRYS JULLE(הו אא הי)YAHVAH! (Let op die laaste gedeeltenaamlik: YAH).**

**3). Die woord HALLELU-JAH met die letter"J" was NET nie moontlik in die Ou of Nuwe Testamentiese tyd nie, want die letter "J" het toe nóg nié bestaan nie! Die woord was altyd: "HALLELU-YAH" gewees, wat beteken om(הו אא הי) YAHVAH Almagtig te Prys! Die woord "HALLELU-YAH" is een van die oudste Antieke Hebreeuse woorde, wat in meeste Israelitiese liedere gebruik was, en steeds gebruik word!**

# DIE EWIGDURENDE NAAM

**A). Jesaja 63 vers 12 tot 14:** ***"Wat Sy (YAHVAH se) heerlike arm (dít was YAHVAHSHUA); laat trek het aan die Regterhand van Moses; wie die waters voor hulle (naamlik dievolk Israel) uit gekloof het, OM VIR HÓM (הו אא הי עהו ש – YAHVAHSHUA); Ń EWIGE NAAM TE MAAK."***

**1). Lees Ook Jesaja 53 vers 1 tot 6; en ervaar WIE was DIE ARM van YAHVAH gewees? Natuurlik YAHVAHSHUA, wie al ons sonde, laste en siektes op Hóm geneem het. HIERDIE EWIGE NAAM; DIE NAAM BÓ ELKE ANDER NAAM!**

***(Vers 13): "Wat hulle (dievolk Israel) deur die watervloede laat trek het, soos 'n perd deur die woestyn, sonder om te struikel?***

***(Vers 14): "Soos vee wat aftrek in die laagte, het die RUACH (Gees/Asem) van YAHVAH Almagtig, hulle (naamlik die volk Israel) na die rus gelei(naamlik dié beloofte land). Só het U (YAHVAH Almagtig) U Volk (Israel) gelei, OM VIR U Ń HEERLIKE NAAM TE MAAK."(WATTER NAAM?).***

# TER WILLE VAN SY NAAM

**1). In hierdie gedeelte word verskillende Skrifverwysings gebruik wat presies dieselfde boodskap verkondig! In hierdie tyd waarin óns tans leef gebeur dit gereeld. *"En julle sal deur almal gehaat word ter wille van My Naam, maar hy/sy wie volhard tot die einde toe; SAL GERED WORD."***

**A). Matthéüs 10 vers 22: *"En julle (naamlik dié Bruid van YAHVAHSHUA); sal deur almal gehaat word terwille van My Naam. MAAR WIE VOLHARD TOT DIE EINDE TOE SAL GERED WORD." (WATTER NAAM?).***

**B). Markus 13 vers 13: *"En julle (naamlik dié Bruid van YAHVAHSHUA); sal deur almal gehaat word ter wille van My Naam (YAHVAHSHUA). Maar wie volhard tot die einde (van hul lewenstyd) toe, hy/sy sal gered word."***

**C). Lukas 21 vers 16 en 17:*"Maar julle (naamlik die Bruid van YAHVAHSHUA); sal oorgelewer word, ook deur ouers, broers,***

***bloedverwante en vriende, EN HULLE SAL VAN JULLE LAAT DOODMAAK."***

***(Vers 17): "En julle (naamlik die Bruid van YAHVAHSHUA);sal gehaat word deur almal;***

***TERWILLE VAN MY NAAM." (DIE ENIGSTE NAAM VAN REDDING; YAHVAHSHUA).***

**1). In hierdie lewe word ons daagliks voor verskeie keuses gestel. Die keuse wat u maak sal u einddestinasie bepaal!**

# HEILIG EN EERBIEDIG IS SY NAAM

**A). Psalms 111 vers 9:** ***"Hy, (YAHVAH die Elohim van Israel) het aan Sy volk (Israel) verlossing gestuur (deur SY Seun***

***(ש עהו אא הי –YAHVAHSHUA). Hy (YAHVAHSHUA) het Sy (Nuwe) Verbond vir ewig ingestel. SY NAAM IS HEILIG EN VREESLIK." (Heilig vir Sy eie Bruid, en vreeslik vir die ongoddelike mense).***

**1). YAHVAHSHUA het 'n Naam ontvang; BÓ ELKE ANDER NAAM! Wat beteken hierdie Bonatuurlike Naam, vir Sy Bruid?**

**(ש עהו אא הי – YAHVAHSHUA)**

# STERK TORING

**A). Spreuke 18 vers 10:** ***"Die Naam van YAHVAH Almagtig, is 'n sterk toring die regverdige (naamlik die Bruid van YAHVAHSHUA) hardloop daarin en word beskut."***

**B). Jesaja 57 vers 15:** ***"Want so sê die Hoë en Verhewene, (Die Skepper van Hemel en aarde); wie in die Ewigheid woon, HEILIG IS SY NAAM: Ek (YAHVAH Almagtig); woon In die Hoogte (in dié***

*Hemele); en in die Heilige plek; (naamlik dié Tempel van Israel); en by die verbryselde en nederige van gees, (naamlik hulle wie reeds vir meer as 2000 jaar, deur verskillende soort verdrukkings gegaan het); om te laat herlewe die gees van die nederiges, (naamlik dié Bruid van YAHVAHSHUA); en te laat herlewe die hart van die verbryseldes." (Hulle [naamlik die Oorblyfsel van Israel]; wie, tydens die Groot Verdrukking, gered sal word).*

# U IS GROOT EN U NAAM IS GROOT

**1). Jeremia 10 vers 6:** *"Geeneen is soos U nie, O(הו אא הי) YAHVAH Almagtig! U IS GROOT; EN U NAAM IS GROOT IN KRAG."*

# DIE HEILIGE NAME

**A). Daniël 9:19:** *"YAHVAH Almagtig, Hoor! YAHVAH, Vergeef! Elohim, merk op en doen dít, vertoef tog nie, OM U ONTWIL, MY ELOHIM, Want U Naam (הו אא הי) is oor U Stad (Jerusalem); en U Volk (Israel) uitgeroep."*

**B). Openbaring 3 vers 12:** *"Wie Oorwin, Ek (YAHVAHSHUA); sal hom/haar 'n pilaar in die Tempel van My Vader maak, en hy/sy sal daar nooit weer uitgaan nie; en Ek (YAHVAHSHUA);sal op hom/haar die Naam van My Elohim (YAHVAH); en die Naam van die Stad van My Elohim, van die Nuwe Jerusalem; wat uit die Hemel van My Elohim, (YAHVAH My Vader) neerdaal, EN MY NUWE NAAM." (YAHVAHSHUA).*

# MY VOLK WIE BY MY NAAM GEROEP IS

**A). 2 Kronieke 7 vers 14 en 15:** *"En ás My Volk(Israel), oor Wie My Naam (YAHVAH) uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en My*

*Aangesig soek en hulle bekeer van hul verkeerde weë, dan Sal Ék (YAHVAH jul Elohim) uit dieHemel hoor;*

*HULLE SONDE VERGEWE EN HULLE LAND GENEES." (Vandag in hierdie 21ste eeu, is hierdie belofte van YAHVAH ons Elohim, nog steeds relevant!).*

*(Vers 15): "Nou sal My oë oop wees en My ore luister na die gebed van hierdie plek.*

# DIE NAAM EN DIE SEËL

**A). Openbaring 7 vers 3:** ***"En gesê: Moenie die aarde of die see of die bome beskadig; voordat Ons (Die Vader); die diensknegte van onseYAHVAH op hulle voorhoofde verseël het nie."***

**1). Die vraag is, waarmee gaan hulle verseel word? Kyk hoe verduidelik die volgende Skrifgedeeltes dít vir ons.**

**B). Openbaring 14 vers 1:** ***"En ek (Johannes) het gesien, en kyk, Die Lam (YAHVAHSHUA); staan op die berg Sion, en saam met Hóm honderd vierenveertig duisend met Sy Naam; (Dié Naam(הי אא עהו ש – YAHVAHSHUA);en die Naam van Sy Vader (הי אא הו)YAHVAH;OP HULLE VOORHOOFDE GESKRYWE."***

**C). Openbaring 22 vers 4:** ***"En hulle (naamlik Sy Bruid) sal Sy (YAHVAHSHUA se) aangesig sien,EN SY NAAM (הי אא עהו ש – YAHVAHSHUA); SAL OP HULLE VOORHOOFDE WEES."***

# KORT SAMEVATTING

**1). U mag vra, waarom is hierdie Oorspronklike Antieke Hebreerse Bonatuurlike Name dan só belangrik? Dít is van uiterste belang, omdat Die Allerhoogste, Skepper van Hemele**

**en aarde in Sy Woord meld, DAT ONS SAL SY NAAM KEN, volgens:**

**A). Jesaja 52 vers 6:** ***"Daarom sal My Volk (en die Bruid van YAHVAHSHUA in hierdie 21ste eeu) My Naam***

***(הו אא הי) YAHVAH LEER KEN; daarom sal hulle (en ons) weet op die dag; DAT DIT "EK" IS WIE SPREEK: HIER IS EK."***

**2). In die volgende Skrifgedeelte bevestig die Woord volgens:**

**B). Jesaja 42 vers 8:** ***"EK IS (הו אא הי) YAHVAH; DIT IS MY NAAM; en My Eer sal Ek aan geen ander gee, of ook My Eer aan die gesnede beelde (of baäl name) nie."***

**3). Dít is deur hierdie Oorspronklike Antieke Hebreerse Bonatuurlike Naam, dat ons, naamlik die Bruid van YAHVAHSHUA, ons gebedsversoeke aan YAHVAH ons Vader; bekend maak. Dít is ook uiters belangrik dat ons in hierdie 21ste eeu, Die Oorspronklike Antieke Hebreerse Bonatuurlike Naam van Sy Seun, YAHVAHSHUA sal ken, want deur Hóm, Hierdie Bonatuurlike Naam Ontvang ons naamlik, die Bruid van YAHVAHSHUA; VERLOSSING DEUR SY BLOED IN SY NAAM!**

**4). Dié volgende Skrifverwysings bevestig presies dít wat óns so pas gelees het.**

**A). Johannes 3 vers 16: "*Want só lief het YAHVAH Almagtig, die wêreld (die mense op die aarde) gehad, dat Hy Sy Eniggebore Seun (YAHVAHSHUA) gegee het, SODAT ELKEEN WIE IN HÓM (YAHVAHSHUA SE NAAM) GLO; NIE VERLORE MAG GAAN NIE, MAAR DIE EWIGE LEWE KAN ONTVANG."***

**B). Johannes 6 vers 37:** ***"Almal wie die Vader, (YAHVAH) My, (YAHVAHSHUA) GEE;  SAL NA MY TOE KOM; en Ek sal hom/haar wat na My toe kom, NOOIT WEGWYS NIE."***

C). Matthéüs 11 vers 28: *"Kom na My (YAHVAHSHUA) toe, almal wie vermoeid en belas is, EN EK SAL JULLE (WIE MY NAAM KEN); RUS GEE!*

D). Johannes 14 vers 13: *"En wat julle (naamlik My Bruid) ook al In My Naam (YAHVAHSHUA) mag vra, DIT SAL EK DOEN; sodat die Vader, (YAHVAH) In die Seun; (YAHVAHSHUA) VERHEERLIK KAN WORD."*

E). Johannes 16 vers 23 en 24: *"En in daardie dag (in die 21ste eeu of later); sal julle (naamlik My Bruid), MY NIKS VRA NIE. (WAAROM NIE? Kyk nou mooi). Voorwaar; Voorwaar Ek (YAHVAHSHUA) sê vir julle (naamlik My Bruid wie My NAAM ken); ALLES WAT "JULLE" MY VADER IN "MY NAAM" (DIE NAAM YAHVAHSHUA) VRA, SAL HY (YAHVAH MY VADER) JULLE GEE."*

1). Hierdie volgende Skrifgedeelte beantwoord baie vrae, waarom mense se gebede nie beantwoord word nie!

*(Vers 24): "Tot nou toe het julle niks; IN MY NAAM (DIÉ NAAM (ש עהו אא הי – YAHVAHSHUA)GEVRA NIE; (Want julle het NIE Sy Oorspronklike Antieke Hebreerse Bonatuurlike Naam [DIE NAAM YAHVAHSHUA]) geken nie.* Bid *(In My Geopenbaarde Naam) en julle sal ontvang, sodat julle blydskap ook volkome kan wees. (Dít behoort mense te laat dink!).*

F). 1 Johannes 5 vers 13: *"Dit het ek (Apostel Johannes) geskrywe aan julle (naamlik die Bruid van YAHVAHSHUA); WIE GLO IN DIÉ NAAM VAN DIE SEUN VAN YAHVAH ONS ELOHIM; Sodat julle verseker kan weet; DAT JULLE DIE EWIGE LEWE HET; JULLE WIE GLO IN DIE "NAAM" VAN DÍE SEUN VAN YAHVAH ONS ELOHIM."*

**1). Daar sal altyd 'n leemte in elke menslike hart wees, wie soekend is na die Bonatuurlike; Onveranderlike Woord van hul Skepper. Elke mens is geformeer, soekend na die volle waarheid; omdat ons nou meer dan ooit besef, hoe sekere Bybels wat vertaal en herskryf is geheel en al verander is, om by sekere Godsdienstige dogmatiek, en kerklike sienswyses aan te pas!**

**2). Wanneer ons die volgende Skrifverwysings bestudeer sal ons vind dat die mens van die vroegste tyd; REEDS SOEKEND NA DIÉ WAARHEID WAS.**

**3). Kyk na al die "beeldspraak" in die volgende Skrifverwysings.**

**Koning David skryf die volgende:**

**A). Psalms 42 vers 2 en 3:** ***"Soos 'n hert wat smag na waterstrome, só smag my siel na U, o YAHVAH Almagtig." (Net so behoort élkeen in hierdie 21ste eeu, te smag om dié Geopenbaarde Waarheid, te wete te kom).***

***(Vers 3): "My siel dors na YAHVAH, NA DIE LEWENDE ELOHIM; Wanneer sal ek ingaan en voor die Aangesig van YAHVAH Almagtig verskyn? (As u die Oorspronklike Antieke Hebreeuse Bonatuurlike Name ken, beweeg u elke keer tot in YAHVAH Almagtig; se Troonkamer).***

**3). Apostel Johannes verduidelik die volgende in:**

**B). Johannes 7 vers 37 en 38:** ***"En op die laaste dag, die groot dag van die Fees (Hebreërse Pesach [Pasga]); het YAHVAHSHUA gestaan, uitgeroep en gesê: As iemand dors het (nadié Geopenbaarde Woord); LAAT HULLE NA MY TOE KOM, EN KOM DRINK." (Kyk nou mooi na die volgende versgedeelte).***

*(Vers 38): "Hy/Sy wie In My (YAHVAHSHUA) glo, soos die Skrif sê: STROME VANLEWENDE WATERS (HIERDIE "ANDER" RUACH ha KODESH); SAL UIT JULLE BINNESTE VLOEI." (Dit sal soos 'n waterpyp wees wat stukkend gesteek is!).*

**4). Apostel Johannes verduidelik ook die volgende in:**

**A). Johannes 14 vers 16 en 17:** *"En Ek (YAHVAHSHUA) Sal (YAHVAH My Vader) bid; en Hy sal julle (naamlik My Bruid) 'n ANDER TROOSTER; (naamlik die RUACH ha KODESH [Heilige Gees])gee; OM IN JULLE TE BLY TOT IN EWIGHEID."*

*(Vers 17): "HIERDIE RUACH ha KODESH VAN DIE WAARHEID; Wat diewêreld (en sy ongoddelike mense) NIÉ KAN ONTVANG NIE; omdat hulle Hóm (die RUACH ha KODESH) niekan sien;EN HÓM NIE KEN NIE; MAAR JULLE (NAAMLIK MY BRUID) KEN HOM; OMDAT HY (HIERDIE "ANDER" RUACH ha KODESH) BY JULLE BLY, <u>EN IN JULLE SAL WEES</u>."*

**5). Dít wat u hier gelees het, is nie vir almal nie, maar hierdie Skrifgedeeltes bevestig; DAT HIERDIE "ANDER" RUACH ha KODESH, IS "NET" VIR YAHVAHSHUA SE EIE BRUID;**

## <u>WIE SY REGTE NAAM KEN</u>!

**6). Kyk of u die beeldspraak in hierdie volgende Skrifgedeeltes kan onderskei?**

**A). Johannes 4 vers 14:** *"Maar elkeen (elke persoon, selfs in hierdie 21ste eeu of selfs later) wie drink van hierdie (Geopenbaarde) Water; WAT EK (YAHVAHSHUA) JULLE SAL GEE; SAL IN "EWIGHEID" NOOIT (WEER) DORS KRY NIE, maar die Water (Geopenbaarde Woord) wat Ek julle sal gee, SAL IN JULLE (NAAMLIK MY BRUID) WORD Ń FONTEIN VAN WATER (LEWENDE WOORD); WAT OPSPRING TOT IN DIÉ EWIGE LEWE."*

*(Wanneer YAHVAHSHUA se Bruid, by Hóm in die Hemele sal wees).*

**B). 1 Petrus 5 vers 6 en 7:** ***"Verneder julle (naamlik die Bruid van YAHVAHSHUA) dan; onder die Kragtige Hand van YAHVAH jul Elohim, sodat Hy, julle (naamlik die Bruid van YAHVAHSHUA) kan verhoog, op die regte tyd." (Naamlik Sy Wederkoms vir Sy Bruid).***

***(Vers 7): "Werp al julle bekommernis op Hóm(YAHVAHSHUA), WANT HY SORG VIR JULLE." (Wie Sy Geopenbaarde Naam Ken).*****D). Hebreërs 13 vers 7 en 8:** ***"Gedenk julle (naamlik die Bruid van YAHVAHSHUA en julle) voorgangers, (naamlik die afgestorwe Apostels en miljoene ander YAHVISTE);***
***wie die(Geopenbaarde) Woord van YAHVAH jul Elohim, aan julle verkondig het. AANSKOU DIE UITEINDE VAN "HULLE" LEWENSWANDEL, EN VOLG HULLE NA." (Luister na die belofte In die volgende versgedeelte).(Vers 8): "YAHVAHSHUA IS GISTER (MEER AS 2000 JAAR GELEDE); EN VANDAG;(IN HIERDIE 21ste EEU) DIESELFDE, EN (SO SAL HY WEES) TOT IN EWIGHEID."*****7). Onthou, YAHVAHSHUA kom vir Sy Bruid wie Sy Oorspronklike Antieke Hebreeuse Bonatuurlike Naam ken. Wat kry die Bruid van die Bruidegom wanneer Sy die Bruidegom trou? SY NAAM/VAN!Kom dan lees ons net weer:A). Spreuke 30 vers 4:** ***"Wie het na die Hemel opgeklim enneergedaal? (Die Vader). Wie het die wind in Sy vuiste versamel? (Die Vader).Wie het die waters In'n kleed saamgebind? (Die Vader). Wie het al die eindes van dieaarde vasgestel? (Die Vader). HOE IS SY NAAM? … EN HOE DIE NAAM VAN SY SEUN; AS "JY" DIT WEET." (Diéantwoord Is eenvoudig!). OF U WEET, OF U WEET NOG NIE!*****8). Die volgende gedeelte van hierdie inleiding tot die Nuwe Testament is noodsaaklik, omdat hierdie gedeelte verwysings bevat wat geslagte voor u, en u heelwaarskynlik nog**

**nooit van gelees of gehoor het nie. Bestudeer hierdie inligting en vergewis uself met die inhoud!**

# UITERS NOODSAAKLIKE VERWYSINGS

**1). HALLELUYAH! Hierdie woord word as die Universele Lofprysing aan Die Allerhoogste Skepper van Hemele en aarde gebring! Ons weet reeds dat dít beteken "LOF AAN YAH," wat die verkorte uitdrukking is vir die Oorspronklike Antieke Hebreeuse Naam(הו אא הי)YAHVAH! Selfs sendelinge ervaar groot vreugde wanneer hulle hierdie Lofprysing, HALLELU-YAH, in vreemde lande hoor, want dít is inderdaad 'n Universele Lofprysing aan Die BonatuurlikeVader, YAHVAH ons Elohim!**

**2). *"The Restoration of the Original Sacred Name Bible, the Rotherham Version,"*soos vertaal en hersien in hierdie spesifieke: *"Afrikaanse Nuwe Testament Studiegids Bybel."* Dít het ten doel om die Oorspronklike Antieke Hebreeuse Bonatuurlike Name van ons Hemelse Vader YAHVAH; Sy Seun, YAHVAHSHUA, en die RUACH ha KODESH (Heilige Gees);WEER IN HIERDIE SKRIF/BYBEL HERSTEL TE KRY, SOOS IN DIE HEMELE EN OP DIE AARDE!**

**A). Efésiërs 3 vers 14 en 15: *"Om hierdie rede buig ek my (naamlik die Bruid van YAHVAHSHUA se) knieë; VOOR DIE VADER VAN YAHVAHSHUA." (Kyk nou mooi na die volgende versgedeelte).***

***(Vers 15): "VAN WIE ELKE GESLAG IN DIE HEMELE, EN OP DIE AARDE SY NAAM (DIE NAAM YAHVAHSHUA) ONTVANG." (Waar? In die Hemele en op dieaarde!).***

***(Vers 16): "Dat Hy (YAHVAHSHUA) aan julle (naamlik Sy Bruid); MAG GEE NA DIE RYKDOM VAN SY HEERLIKHEID; OM MET KRAG "VERSTERK" TE WORD DEUR SY RUACH ha KODESH, IN DIE INNERLIKE (GEESTELIKE) MENS.***

***(Vers 17): "Sodat YAHVAHSHUA deur die geloof in julle harte kan woon, julle (naamlik Sy Bruid); WIE REEDS IN DIE LIEFDE GEWORTEL EN GEGROND IS."***

***(Vers 18): "En julle (naamlik Sy Bruid) in staat kan wees;om saam met al die ander Heiliges; ten volle te begryp; WAT DIE BREEDTE, DIE LENGTE, DIE DIEPTE EN DIE HOOGTE (VAN SY GENADE VIR SY BRUID) IS."***

***(Vers 19): "En dieliefde van YAHVAHSHUA te ken wat diekennis van die mense oortref;SODAT JULLE (NAAMLIK SY BRUID) VERVUL KAN WORD TOT AL DIE VOLHEID VAN; YAHVAH ONS ELOHIM."***

# DIE ONDERDRUKKING VAN DIE BONATUURLIKE NAME

**1). Koning Dawid verklaar volgens:**

**A). Psalms 119 vers 105:** ***"U WOORD IS Ń LAMP VIR MY VOET, EN Ń LIG VIR MY PAD.***

**2). Volgens hierdie Skrifverwysing kan ons dan met reg sê; dat die Woord van YAHVAH Almagtig; is 'n Geestelike Padkaart om my pad op hierdie lewensreis na dieewige Koninkryk, te verlig.**

**3). Die doel met al hierdie spesifieke inligting is om te verseker dat die inligting, in hierdie "*Afrikaanse Nuwe Testament Studiegids Bybel,"* honderd persent korrek is. Waarom? Want deur die jare het verskillende mense toegang tot die hersiening van: *"The Restoration of the Original Sacred Name Bible, the Rotherham Version"* gekry, en het sekere onnodige veranderings in hierdie genoemde Bybel plaasgevind. Die Woord van YAHVAH Almagtig; verklaar volgens:**

**A). Efésiërs 6 vers 12:** ***"Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu; teen die bose geeste in die lug."***

**4). Reeds vir eeue is hierdie Oorspronklike Antieke Hebreeuse Bonatuurlike Genoemde Name; GEONDERDRUK en VERANDER ná Babiloniese afgode name; wat reeds in die Egiptiese tyd bestaan het! (Soos in bladsy 25 paragraaf "A" reeds verduidelik is).**

**5). Voor 1860; het dít reeds die missie van ene: Dr. Joseph Bryant Rotherham (Ph.D.)., geword; om volgens die Oorspronklike Hebreeuse Antieke Alfabet, WEER Die Oorspronklike Bonatuurlike NAME herstel te kry, soos wat dít geken was deur al die Profete van ouds, YAHVAHSHUA se Apostels, die Israeliete van ouds en die Gemeente van YAHVAHSHUA, in Sy tyd! Hierdie Bybel naamlik:** ***"The Restoration of the Original Sacred Name Bible, the Rotherham Version,"*** **was reeds voor 1860 deur verskillende Bybel deskundiges soos reeds na verwys, nagegaan was vir enige onbybelse voorstellings van die Antieke Hebreeuse Bonatuurlike Name; SOOS WAT DIT REEDS BEKEND IS!**

**6). U is reeds bekend met die "vyf verskillende" Bybels wat gebruik is vir die vertaling, en die hersiening van hierdie spesifieke Bybel naamlik:** ***"The Restoration of the Original Sacred Name Bible, the Rotherham Version."*** **As gevolg van verskillende vertalings-metodes deur verskillende organisasies en mense, het van hierdie genoemde vyf Bybels, verskillende verduidelikings vir dieselfde onderwerp. DIT IS HIERDIE VERSKILLE WAT ONS GAAN BESTUDEER; om by sekere Bybelse waarhede of leuens, uit te kom!**

**7). Vir eeue was hierdie Bonatuurlike Heilige Name geonderdruk, VANWEË Ń VREES DAT "DIT" TE HEILIG WAS OM UIT TE SPREEK! Hierdie vrees het ontstaan as gevolg van 'n waninterpretasie of wanopvatting van twee Skrifgedeeltes soos gevind in:**

**A). Exodus 20: vers 7:** ***"Jy mag die Naam van YAHVAH Almagtig, NIE ydellik gebruik nie. Want YAHVAH Almagtig, sal die persoon wat Sy Naam ydellik gebruik, NIE ONGESTRAF LAAT BLY NIE."***

**1). Eerstens beteken die woord YDELLIK GEBRUIK inwerlikheid VLOEK! Wanneer die persoon dus YAHVAH Almagtig VLOEK, SAL HY/SY NIÉ ONGESTRAF BLY NIE!**

**2). Terwyl ons nou hierdie tweede Skrifverwysing bestudeer sal ons vind;**
**dat dít ondersteun presies dit, wat so pas gesê is.**

**B). Levitikus 24 vers 16:** ***"EN WIE DIE NAAM VAN YAHVAH ALMAGTIG, LASTER (OF EERDER VERVLOEK); MOET SEKERLIK GEDOOD WORD: die hele vergadering moet hom/haar sekerlik stenig. Die vreemdeling net soos die kind van die land; (Hierdie kind van die land, verwys NIE ná enige kind nie, maar na dievolwasse persoon; wie AS KIND in hierdie land as boorling gebore was); AS HY DIÉ NAAM (VAN YAHVAH ALMAGTIG) LASTER, MOET HY GEDOOD WORD."***

**3). Vir eeue was hierdie twee Skrifgedeeltes VERKEERDELIK aangehaal en geglo! WAAROM? Want hierdie selfde Ou Testament verklaar volgens:**

A). Jesaja 52 vers 6: ***“DAAROM SAL MY VOLK MY NAAM “LEER” KEN**; DAAROM SAL HULLE (MY VOLK) WEET OP DIE DAG DAT DIT EK (YAHVAH ALMAGTIG IS) WAT SPREEK: HIER IS EK!*

**4). Hoe is dít moontlik dat vir eeue mense geleer was om YAHVAH Almagtig, nié by Sy NAAM te noem nié; TERWYL YAHVAH SELF ÓNS UITNOOI OM SY ANTIEKE HEBREERSE NAAM TE GEBRUIK? Hy is, en was nog nooit, DUBBELSINNIG nie!**

# DIE ONDERDRUKTE NAAM

**1). Daar word eerlik te kenne gegee dat die Onderdrukking nie ten volle was nie, ten minste nie sover dít die Hebreeus en “Engels” betref het nie. MET DIE VIER ESSENSIËLE LETTERS, was dít Eerbiediglik deur die Hebreeuse kopieërder getranskribeer, en was dus noodgedwonge voor die oë van die Hebreërse leser geplaas. Laasgenoemde was egter (streng) opdrag gegee; OM DIT NIÉ UIT TE SPREEK NIE, maar om eerder ‘n minder gewyde Naam te gebruik soos; *“Dié Naam “Elohim of Hashem.”* Op hierdie wyse was die Naam וה אא הי/YAHVAH nié daaraan onderworpe, om die oor van die luisteraar te bereik nie. SO, WAS DÍT TOT HIERDIE MATE BEPERK!**

**2). Dié Septuagint, naamlik die 2de eeuse GRIEKSE weergawe van die Oorspronklik Antieke Hebreers, het dít volledig gemaak deur gereeld die moderne Griekse woorde “Curios/Theos” te gebruik; presies soos wat die 4de eeuse Latynse-Vulgaat, op soortgelyke wyse die moderne Latynse woord “Dominus” gebruik het. Só is al drie hierdie moderne Griekse/Latynse woorde naamlik: *“Curios, Theos en Dominus”* tot vandag (2023) aanvaar as dieenigste korrekte benamings vir die Hebreeuse**

**verwysing ná die Oorspronklike Antieke Hebreerse Woord הו אא הי/YAHVAH; wat dan in die 13de eeu in "Engels" vertaal was ás: LORD/GOD, en later as "Lord/God," wat dan in ons Afrikaanse Bybels "HERE/GOD" en Here/God" geword het!**

**3). Die resultaat van hierdie "korrupte" Griekse/Latynse name word dan in die algemeen gebruik, tydens meeste vertalings van "Engelse," Afrikaanse en ander Bybels, wat oor die eeue vertaal was. Dít het dan veroorsaak dat; DIE ANTIEKE HEBREERSE TETRAGRAMMATON:**

**"Yod-Hay-Vav-Hay" óf YHVH; geheel en al verskuil en wegvertaal is, soos wat dít reeds vir meer as 600 jaar, met die vertaling van hierdie genoemde Bybels gebeur het!**

**4). Die grootste probleem met Bybelvertalings is wanneer daar uit die Bybel voorgelees en gepreek word. In die spesifieke Bybel is die woorde gedruk ás HERE/GOD in "Hoofletters," maar wanneer hierdie spesifieke "woord uitgespreek word," weet ons nie wanneer dít "Hoofletters of kleinletters" is nie, en dít is presies net hier, waar die satan dít reggekry het om moderne Griekse/Latynse woorde soos: *"Curios, Theos en Dominus"* te gebruik, wat álmal na Antieke Griekse afgode verwys!**

**5). In meeste "Engelse" Bybels as ook ons 1933; 1953 en 1983 Afrikaanse Bybels; is die Naam YAHVAH (volgens die Oorspronklike Antieke Hebreerse Bybel);6923 keer verander na: LORD/GOD; Lord/God of HERE/God …" alhoewel dieLESER wie versigtig na sy Bybel kyk, dieonderskeid sélf kan raaksien, bly die LUISTERAAR ten volle in die duister, aangesien daar "geen duidelike" onderskeid in KLANK is tussen: "HERE" en "Here" of "GOD" en "God," (in Hoofletters of kleinletters) nie! Met**

anderwoorde, daar is bitter min plekke waar die TETRAGRAMMATON; in sy óorspronklike vorm as: “Yod-Hay-Vav-Hay” of YHVH verskyn. Ons weet reeds dat DIT ook nié die Volle Naam van die Skepper van Hemele en aarde is nie, maar dat dítnet uit “vier konsonante” bestaan, wat nié uitgespreek kan word nie! Dan word die “twee vokale,” naamlik die Hebreërse “a-lefs” of die letter “A” bygevoeg, en die Bonatuurlike Antieke Oorspronklike Hebreerse Naam הו אא הי/YAHVAH verskyn! Die vraag is: Waarom is daar deur die eeue soveel moeite gedoen om hierdie Bonatuurlike Name, in álle moderne Bybelvertalings te verberg? Die antwoord is eenvoudig, die satan se doel was om verskillende Egiptiese, Griekse en Romeinse afgode name; in ons Bybelvertalings gevestig te kry, sonder dat die óningligte persoon dít ooit sou agterkom, soos wat dit reeds vir meer as 600 jaar, reeds gebeur het!

# DIE ONMIDDELLIKE GEVOLG VAN DIE ONDERDRUKKING VAN DIE HEILIGE NAME

1). Is dít te veel om te aanvaar dat die Naamהו אא הי/YAHVAH, Bonatuurlik Groot en Grasieus; of ten minste iets baie Misterieus voorstel? Watter gevolgtrekking ook al bereik word, ontstaan die vraag steeds; of daar nie iets aanmatigend, alhoewel opsetlik daarin lê om dít TE VERVANG, met een van die mees algemene titels, siende dat daar op hierdie aarde “baie here‘s” is, en die meester van die nederigste slaaf sy “heer” is? Daar is sekerlik niks Groots, Grasieus of Misterieus daarin nie! Dít is derhalwe die mees natuurlike aanname dat dié onderdrukking van die Naamהו אא הי/YAHVAH, vir die

leser, en veral vir die hoorder, ONHERSTELBARE VERLIES INGEHOU HET, EN STEEDS INHOU! Want niemand kan die “Hoofletters” hoor wanneer dít uitgespreek word nie!

# DIE REDE VIR DIE ONDERDRUKKING

1). Dít is uiters belangrik om presies te verstaan wat hier gesê word. Die oorspronklike bedoeling was moontlik goed,—laat dit vir eers só aanvaar word. Dit was bedoel om die Bonatuurlike Majesteit van die Skepper van Hemele en aarde, in die verstand van die algemene mense te beskerm. Dít was dalk om dieonnadenkende verwysing ná יה אא וה/YAHVAH ons Elohim, VOOR WIE DIE HEMELSE ENGELE HUL GESIGTE VERBERG; te voorkom — álhoewel DIT selfs so baie moeilik is om te verstaan; HOE EEN SPESIFIEKE NAAM TOT ONEERBIEDIGHEID SAL LEI, EN Ń ANDER NIE? Waarom Hóm dan nié geheel en al NAAMLOOS laat nie? Waarom dan NIE vrees om na יה אא וה/YAHVAH, die Skepper van Hemele en aarde te verwys, MET Ń TITEL WAT UITERAARD; BESLIS NIÉ NA HÓM VERWYS NIE?

2). Dié spesifieke Skrifverwysings wat algemeen aangehaal word as bewyslewering vir die ONDERDRUKKING VAN SY NAAM;

kan dus nié werklik betekenisvol aangevoer word nie, aangesien daar ‘n breë onderskeid is tussen om YAHVAH Almagtig, se Naam nie“ydellik” te gebruik, EN SY HEILIGE NAAM HOEGENAAMD “NIE” TE GEBRUIK NIE, SELFS “NIE” EERS VIR GEBED EN AANBIDDING NIE! Kortliks, die bedoeling van die Bybelse Voorvaders mag gerespekteer word; MAAR DIÉ EERBIED AAN YAHVAH ÓNS ELOHIM, DIE SKEPPER VAN HEMELE EN AARDE IS MISPLAAS;

**EN DIE REDE WAT AANGEVOER WORD, WORD MET MINAGTING VERWERP EN AS "ONGELDIG EN ONBYBELS" BESKOU!**

# WAAROM DIE NAAM HERSTEL?

**1). Want die onderdrukking van die Naamהיהו אא/YAHVAH was 'n groot flater! HIERDIE SOORT VAN MINAGTING KON NIÉ GOU GENOEG GEKORRIGEER WORD NIE! 'n Ongeoorloofde vrymoedigheid is deur ene: Dr. Joseph Bryant Rotherham (Ph.D.)., gedurende die 19de eeu geneem, om op die pad van nederigheid in die voetspore van die Oorspronklike Antieke Hebreerse mense terug te gaan, en die Bonatuurlike Waarheid van die Naam YAHVAH, Sy Seun YAHVAHSHUA en die RUACH ha KODESH weer herstel te kry! Want hierdeur kan verdere ernstige onheil in die lewens van óns nageslagte, in hierdie 21ste eeu en verder afgeweer word.**

**2). Mense beweer vandag in hierdie 21ste eeu dat die Naam YAHVAH slegs 'n Stam-naam was, en suggereer dat YAHVAH, moontlik nét 'n plaaslike god was, wie deur die plaaslike inwoners moontlik aanbid was. Hierteenoor, met ál die bewyse reeds bekend, weet ons naamlik die Bruid van YAHVAHSHUA reeds; dat satan álles in sy mag sal doen om u van die Bonatuurlike Geopenbaarde Waarheid, weg te hou! Die doel vir die HERSTEL van die Oorspronklike Antieke Hebreeuse Bonatuurlike Name, is om te verseker dat die nederigste Sondagskool onderwyser in staat sal wees, OM DÍE ONGEGRONDHEID VAN DIE AANNAME TE BEWYS!**

**3). Dié Herstel van Die Oorspronklike Antieke Hebreerse Bonatuurlike Naam, is besig om wêreldwyd geweldige belangstelling te toon, waar mense van verskillende lande MEER oor hierdie Geopenbaarde Waarheid**

**wil weet. In Suid Afrika is mense in hul honderde duisende besig, om hierdie Bonatuurlike Geopenbaarde Waarheid te óntdek, en dít deel van hul geestelike lewe te maak.**

# GELOOFWAARDIGE BESWARE BEANTWOORD

**1). In hierdie gedeelte van ons studie gaan dít nodig wees om ná verskillende "besware" te kyk; as ook "ántwoorde" in die Bybel te soek. Die argument ten gunste van die "verskuiling" van die Naamהי אא הו/YAHVAH, soos dít nou is, mag gefundeer wees op die verdoeseling deur die 2de eeuse Septuagint. DIE PLEIDOOI NEEM DIE VOLGENDE VORM AAN: Hierdié 2de eeuse Septuagint, verberg die Oorspronklike Hebreeuse Antieke Tetragrammaton; onder diealgemene Griekse/Latynse titels naamlik: *"Curios, Theos, Dominus, "LORD, Lord, HERE, Here, GOD, of God."***

**2). Hierdie voorafgaande verduideliking is geskryf VOOR die publikasie van: *"The American Revised Version of the Bible,"* naamlik diekorrupte Nuwe Griekse Nuwe Testament van ene;*"Westcott and Hort"*met hul korrupte "Nestlé Aland Griekse Teks,"waarin ook meer as 900 Skriftuurlike veranderings plaasgevind het, vergeleke met: *"The 1611 King James Bible,"*waarin die Naam, "Jehovah," (met 'n "J") regdeur die Ou Testament invertaal was, waar die Naamהי אא הו/YAHVAH; in Die Oorspronklike Antieke Hebreërse Bybels voorgekom het. 6923 Keer in die Ou Testament en 127 keer in die Nuwe Testament, is die Verhewe Naamהי אא הו/YAHVAH óns Elohim, wegvertaal en verander ná niksseggende gode se name!**

**3). Wat geweldig belangrik is om te weet is dat daar in gedagte gehou moet word, dat: *"The 1611 King James, Authorized Version,"*wat tans deur meeste Bybellesers wêreldwyd gebruik word, die woord "LORD" in Hoofletters gedruk het;**

**as 'n PLAASVERVANGER vir "Yod-Hay-Vav-Hay" YHVH, of הו אא הי/YAHVAH, SOOS DÍT IN DIE OORSPRONKLIK ANTIEKE HEBREERSE TORAH GESKRYF WAS!**

**4). Dié tweede verwysing is uit: *"The American Standard Version, 1901,"* soos gedruk deur: *"Thomas Nelson and Sons," bladsy 4 van die "voorwoord."* Die eerste verandering wat in die aanhangsel voorgestel word; is dat die naam "Jehovah" met "LORD/HERE" en "GOD," gedruk in "Hoofletters" vervang word met "kleinletters," wat toe deur baie Bybellesers wêreldwyd ónwelkom geag was, vanweë die herhaalde minagting en outoriteit wat hulle voel, ontneem was!**

**5). Maar die agnostiese Amerikaanse Bybelse hersieners, na deeglike besinning het eenparig besluit, dat 'n JOODSE BYGELOOF, wat dié Bonatuurlike Naam vanהו אא הי/YAHVAH as te Gewyd/Heilig beskou het om geuiter/gespreek te word, nié langer in die spesifieke "Engelse" Bybel, of enige ander weergawe van die Ou Testament geplaas moet word nie, soos wat dít glo reeds deur verskeie "moderne Sendelinge," gedoen was!**

**6). Dit is uiters noodsaaklik dat ons Exodus 3 vers 14 en 15;eers moet lees om te besef, wat die "Amerikaanse Bybelgenootskap" met hierdie spesifieke Skrifgedeeltes gedoen het!**

**Kom ons lees nou élke woord:**

**A). Exodus 3 vers 14 en 15:** ***"En הוּ אא הי/YAHVAH sê vir Moses: EK IS WAT EK IS. Ook sê Hy: So moet jy die kinders (Volk) van Israel antwoord: "EK IS" HET MY NA JULLE GESTUUR."***

***(Vers 15): "Toe sê: הוּ אא הי/YAHVAH verder vir Moses: Dít moet jy aan die kinders (volk) van Israel meedeel: YAHVAH Almagtig, van julle (Voor)vaders, dié Elohim van Abraham, dieElohim van Isak en dié Elohim van Jakob, het my (Moses) na julle (Israel) gestuur.DIT IS MY NAAM VIR EWIG; (Watter Naam?); EN DIT IS MY "GEDENKNAAM" VAN GESLAG TOT GESLAG," (WAT IS SY/HIERDIE GEDENKNAAM?).***

**7). U sal onthou dat ons reeds gesien het dat die Amerikaanse Bybelgenootskap het beweer, dat dít net 'n "klein dorpie" was WIE הוּ אא הי/YAHVAH SE GEDENKNAAM ONDERHOU HET! Nou vind ons volgens hierdie Skrifverwysings dat dít inwerklikheid Moses was, wat die HELE VOLK VAN ISRAEL beveel het om DIE GEDENKNAAM VAN הוּ אא הי/YAHVAH; van geslag tot geslag te moet Eerbiedig! Ons vind dus dat volgens die Ou Testament; dat YAHVAH Almagtig, die Elohim van die Volk Israel, oor en oor beklemtoon word in *"Die Oorspronklike Antieke Hebreerse Torah*

*,"* waar הוּ אא הי/YAHVAH; as die Elohim van Israel beskryf word. Hy word ook beskryf as hulle Persoonlike Elohim, ás Elohim van die Verbond, die Elohim van álle Openbarings, die Elohim wie bevry en verlos, ook die vriend van Sy mense, naamlik Sy Antieke Volk, Israel!**

**8). HIERDIE OORSPRONKLIKE ANTIEKE HEBREEUSE NAAM הוּ אא הי/YAHVAH; IS NOU IN DIE PROSES OM HERSTEL TE WORD; TOT DIE REGMATIGE PLEK IN DIE GEWYDE TEKS WAAROP DÍT ONBETWISBAAR "VERONDERSTEL" IS OM TE WEES!**

**9). Hierdie derde verwysing is geneem uit: *"THE NEWBERRY BIBLE," gedruk deur Wyman and Sons Limited, 1959, London, Inleiding, bladsye 5 en 6;* wat hier in Afrikaans weergegee word.**

# BONATUURLIKE (GODDELIKE) TITELS

**1). Enige NAAM óf TITEL is 'n aanduiding van aard/geaardheid of karakter; van hierdie spesifieke persoon. Daarom kan elke afsonderlike Titel van YAHVAH, Die Skepper van Hemele en aarde; DAN BESKOU WORD AS EEN LETTER IN SY GEHEEL EN OPSIGSELF; tog, wanneer dít gerangskik en saamgevoeg word, KAN DÍT DIE GROOTSTE EN WONDERLIKSTE NAAM: "YAHVAH/ הי אא הוÓNS ELOHIM," IN HIERDIE BYBEL TEN VOLLE UITSPEL!**

**2). Ons gaan nou na verskillende Oorspronklike Antieke Hebreeuse TITELS en KARAKTER VERWYSINGS van YAHVAH Almagtig, kyk. Meeste van hierdie "Bonatuurlike Titels," was gereelddeur die Ortodokse Israeliete gebruik, terwyl hulle הו אא הי/YAHVAH Almagtig áanbid het.**

**3). Terwyl ons Hierdie Bonatuurlike Titels van הו אא הי/YAHVAH Almagtig bestudeer, sal dít nodig wees om ook sekere Skrifverwysings te moet bestudeer, om tot dié Geopenbaarde Waarheid te kom.**

# DIE TITELĒL

**1). Die Titel ĒL(*ē* YAHVAH, énkelvoud) kom bykans 250 keer voor in die Bybel. Die eersteverskyning van die Titel ĒLis in Génesis 14 vers 18; 19; 20; Dit is nodig dat u ook moet weet dat die Titel ĒL is in meeste "Engelse Bybelvertalings" vanĒLná LORD/Lord or GOD/God vertaal. ĒL is verwysend ná die Allerhoogste Elohim, die Skepper van Hemele en aarde. (Ēl),**

**Eienaar van Die Hemel en aarde. Ēl beteken ook "Sterk," "Eerste." Dít is die Titel wat daarop wys dat YAHVAH הי אא הו ook genoem ĒL, DIE MAGTIGE EEN IS, DIE GROOT BRON VAN ALLES IS! Hierdie Titel ĒL, word ook álgemeen verbind met een of meer van die Bonatuurlike Eienskappe of Volmaakthede, soos:**

**A). Almagtige ĒL, Génesis 17 vers 1.**

**B). Ewigdurende ĒL, Génesis 21 vers 33.**

**C). ĒL, is 'n Jaloerse Elohim; Exodus 20 vers 5.**

**D). ĒL, van Waarheid en sonder Ongeregtigheid, Regverdig en Reg is Hy; Deuteronómium 32 vers 4.**

**E). ĒL, Magtige en Vreeslike; (1933 Afrikaanse vertaling: "Gedugte)." Deuteronómium 10 vers 17.**

**F). DiéLewende ĒL; Josua 3 vers 10.**

**G). 'n Barmhartige ĒLDeuteronómium4 vers 31.**

**H). 'n Getroue ĒL; Deuteronómium 7 vers 9.**

**I). 'n Magtige en Vreeslike/Gedugte ĒL; Deuteronómium 12 vers 21.**

**2). Die Persone van die Bonatuurlike YAHVAH is Drie; naamlik YAHVAH Die Vader, YAHVAHSHUA Die Seun, en Die RUACH ha KODESH! Maar in Sy Aard/Geaardheid; ISהי אא הו/YAHVAH EEN. Elke Eienskap van YAHVAH is Oneindig—Een; Oneindige**

**Ewigdurende; Liefde; Een Oneindige Almagtige Krag, ensovoorts. DERHALWE, WORD ÁL DIE VERWYSENDE EIENSKAPPE IN DIE ALGEMEEN MET DIE NAAM ĒL, IN DIE "ENKELVOUD" (NET EEN) VERBIND!**

# ELOAH

**1). Die Bonatuurlike Titel verwysend ná ELOAH word 56 keer in sommige van die "Engelse" Bybels gevind, soos in Deuteronómium 32 vers 15.**

**2). ELOAH (*eh̄* YAHVAH, Enkelvoud), wat beteken om te áanbid, of te vereer; stel YAHVAH voor as "Die Een Opperste Voorwerp van Aanbidding;" naamlik die Aanbiddelike/Beminlike Een.**

# ELAH of ELAHAH

**1). Hierdie ooreenkomstige Titel vir die Hebreeuse woord ELOAH; is in die Chaldese taal, ELAH (*eh* [YAHVAH] enkelvoud) of ELAHAH. Hierdie beskrywings word 77 keer gevind in die boeke van Esra en Daniël; EN ALTYD IS DÍT IN ENKELVOUD. Die Chaldese dele van die SKRIF verskyn in Esra en Daniël, met nét Een versgedeelte in die boek Jeremia; soos in Jeremia 10 vers 11.**

**2). DUS IS DIE BEWYS VAN DIE VOLK ISRAEL SE GEVANGENESKAP DEURWEEK MET DÍE ANTIEKE HEBREEUSE BONATUURLIKE WOORD; VAN YAHVAH HUL ELOHIM.**

# ELOHIM

**A). Génesis 1 vers 1 Verklaar: "*In die Begin het אא הו הי/YAHVAHdie Hemele en dieaarde geskape."***

**1). Wanneer ons die res van hierdie Hoofstuk bestudeer, vind ons dat elke keer wanneer YAHVAH; enigiets geskape het, HET HY DÍT GESPREEK EN NIE MET SY HANDE GEFORMEER (GEMAAK) NIE.**

**2). Ons weet reeds dat die Woord "Elohim" kan Enkelvoud óf Meervoud beteken. As Génesis 1 vers 1 sou lees: "*In die Begin het <u>Elohim</u> die Hemel en die aarde geskape,"***

**3). Die Woord "Elohim" (Meervoud van ELOAH); verskyn ongeveer 2500 keer in die Bybel. Eerstens in Génesis 1 vers 1; volgens *"Die 1933 Afrikaanse Bybel"* lees dit: "*In die begin het"God" die hemel en die aarde geskape."(Gespreek).* Hiervolgens word die Naam "God," MET Ń "ENKELVOUDIGE WERKWOORD" VERBIND, Terwyl die woord "Elohim," volgens: *"The Restoration of the Original Sacred Name Bible, the Rotherham Version,"* Die woord Elohim, (MEERVOUD) – GESKEP (ENKELVOUD) GEBRUIK, WAT VERWARREND KAN WEES.**

**4). Wanneer Génesis 1 vers 1 nou verklaar: "*In dié Begin het הו הי אא/YAHVAHons Elohim, die Hemel en die aarde geskape,"* skakel dít enige verwarring uit want ónmiddelik word daar besef dat Vader YAHVAH; was alleen betrokke in die begin van Sy Skepping, toe Hy die aarde geskape (gespreek) het. Heelwat later in Génesis Hoofstuk Een; vind ons Die Seun, YAHVAHSHUA, betrokke by die Skepping, wanneer daar in (Vers 26) gesê word: *"Kom dat "ONS" mense maak…"***

**5). Die woord "Elohim" word ook gereeld in die Hebreeus gebruik met meervoudige byvoeglike naamwoorde,**

**voornaamwoorde en werkwoorde; soos byvoorbeeld: Génesis 1 vers 26: *"En הי אא הו/YAHVAH het gesê: Laat ONS (meervoud, naamlik Hy en die Seun YAHVAHSHUA); MENSE (meervoud) maak ná ONS (meervoud se) Beeld, ná ONS (meervoud se) Gelykenis, en laat hulle…"***

# JEHOVAH

**1). Dié naam "JEHOVAH" verskyn ongeveer 7000 keer in meeste "Engelse" Bybels, maar in: *"The American Version,"* word dít weergegee as: "The LORD," en somtyds ook as: "Jehovah," soos in Exodus 6 vers 3; Psalms 1 vers 18 en Jesaja 12 vers 2. Dieselfde word ook gevind met verwysing tot 'n ander woord soos: Jehovah-jireh in Génesis 22 vers 14; Jehova-nissi in Exodus 17 vers 15; Jehovah-shalō in Rigters 6 vers 24; soos in ál sewe gevalle. Dít word bykans 6800 keer as "LORD" weergegee; en 800 keer as "GOD."**

**2). Dít verskyn die eerste keer, in verband met dié verwysing volgens die woord "Elohim," in: Génesis 2 vers 4: *"Die HERE ≡God (Jehovah Elohim) … gemaak het."* Die veelseggendheid is—HY WAT ALTYD WAS, WAT ALTYD IS, EN WAT VIR EWIG SAL KOM. Dít word dus só in Openbaring 1 vers 4; vertaal en geïnterpreteer: *"Van Hóm ˣ⊥ wat is," (Teenwoordige Deelwoord, die Ewig-Bestaande Een), "EN WAT WAS" (Onvolmaakte Tyd, 'n aanduiding van Voortsetting in die Verlede),* "en WAT NOG MOET KOM," (Teenwoordige Deelwoord, die Komende Een, Wat Ewig Sal Kom). DIT IS Ń PERFEKTE KOMBINASIE VAN DIE "DRIE PERIODES" WAT BESTAAN IN EEN WOORD; naamlik: Dié Toekoms, Dié Hede, en Dié Verlede.**

**3). Eerste, die Hebreërse woord: YEHI, “Hy sal wees,” lang tyd; Tweedens, HOVE, “synde”, deelwoord. Derdens, HAYAH, “Hy was,” Kort verloopte tyd wat in dié verlede tyd gebruik het. Hier word die eerste drie letters van: YAHI, YAH, geneem, die twee middelste letters van hOVe, ōv, en die twee laaste letters van hahyAH, AH, het óns YAHOVAH, in sy volledige vorm: “YAH-OV-AH.” Hierdie Bonatuurlike Titel/Verwysing van הו אא הי/YAHVAHóns Elohim, word deur die verskillende Bybelvertalers wêreldwyd verkrag, wanneer hulle die naam soos wat dít in meeste Bybels wêreldwyd geskryf staan, naamlik “Jehovah” skep; terwyl dié letter “J” éers in dié 15de eeu, geskep was!**

# EK IS WAT EK IS

**1). Hierdie Antieke Hebreeuse Geskrif lees letterlik: *“EHYAH ASHER EHYEH.”* “EK SAL WEES WAT EK SAL WEES,” soos verwys in: Exodus 3 vers 14; wat toe later in “Engels” en Afrikaans oorvertaal is: *“EK IS WAT EK IS.”* Maar omdat die Toekomende (of Lang) Tyd; nie álleenlik na die TOEKOMS verwys nie, maar ook en veral na VOORTSETTING, lê die KRAG in die volgende woorde: “EK SAL AANHOU WEES, EN SAL WEES, WAT EK AANHOU SAL WEES, EN SAL WEES.” In Hebreërs is die woord: *“EHYEH,” = “EK - IS,”* letterlik: *“EK SAL WEES,”* soos in Exodus 3 vers 14. Maar in Krag en Betekenis: *“EK SAL EWIG WEES,” “DIÉ EWIGE-BESTAANDE EEN.”* Skielik besef ons in hierdie 21ste eeu dat deur verskillende Bybelvertalings, “Sekere Oorspronklike Antieke Hebreeuse Woorde,” VAN HUL WERKLIKE WOORD WAARDES BEROOF WAS!**

# YAH

**1). Die woord YAH, volgens die Oorspronklike Antieke Hebreeus is ook 'n Titel/Verwysing van YAHVAH. In die 13de eeu soos u reeds weet, word hierdie Hoog Heilige Naam הו אא הי/YAHVAH; weer vertaal ás "LORD/Lord," wat later weer vertaal is ás HERE, of Here. Die verwysing YAH verskyn 49 keer in die volgende Bybel Boeke naamlik: Exodus, Psalms en Jesaja. Dié eerste verskyning is in Exodus 15 vers 2; *"Die HERE (YAH) is my krag en lied."* Die woord YAH word dikwels geassosieer met die woorde: "PRYS JULLE…" Soos in die woord HALLELUYAH; *"Prys julle YAH (of éerder הי אא הו/YAHVAH!).***

**2). HIERDIE TITEL VAN YAHVAH DUI OOK OP SY EWIGE BESTAAN! Dít is volgens die Antieke Hebreerse Torah, <u>Is en Was die Titel</u> van הי אא הו/YAHVAH; ás Inwonende Ewigheid, vir wie die <u>Verlede, die Hede en Toekoms</u> EEN EWIGE "NOU" IS. Dít word saamgestel uit die eerste en die laaste lettersvan die Naam YAHOVAH, Y-H, (Yod-[Y] Hay-[H]). Met dié sentrale klinker/vokaal [A] en dít word die Titel YAH. Hierdie, Titel was deur die Antieke Hebreerse Volk Israel geken, as hul הו אא הי/YAHVAHAlmagtig;SE VERHEWE TITEL!**

# ĒL-SHADDAI

**1). Hierdie woord ĒL-SHADDAI beteken: YAHVAH Almagtig, YAHVAH Alles-Voldoende; YAHVAH Altyd-Toereikend óf YAHVAH Altyd-Genoegsaam. ĒL, YAHVAH Enkelvoud; SHADDAI; afkomstig van "SHADDID" wat die volgende beteken: Almagtig, Sterk, of ook van SHADDAI;Sy Bors. Hierdie Titel kombineer die**

**Enkelvoudige Hebreërse Titel [ĒL], met die Meervoudige Hebreërse Titel; SHADDAI.**

